



**Wes-Kaapse
Regering**

Menslike Nedersettings



Jaarverslag 2019/20
Departement van Menslike Nedersettings

**DEPARTEMENT VAN
MENSLIKE NEDERSETTINGS
Wes-Kaap**

POS 8

**JAARVERSLAG
2019/20
FINANSIËLE JAAR**

Inhoud

DEEL A: ALGEMENE INLIGTING	3
1. ALGEMENE INLIGTING VAN DIE DEPARTEMENT	4
2. AFKORTINGS/AKRONIEME	5
3. VOORWOORD DEUR DIE PROVINSIALE MINISTER VAN DIE DEPARTEMENT	7
4. VERSLAG VAN DIE REKENKUNDIGE BEAMPTTE	9
5. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID EN BEVESTIGING VAN AKKURAATHEID VAN DIE JAARVERSLAG	20
6. STRATEGIESE OORSIG	21
7. WETGEWENDE EN ANDER MANDATE	22
8. ORGANISATORIESE STRUKTUUR	23
9. ENTITEITE WAT AAN DIE MINISTER VERSLAG DOEN	23
DEEL B: PRESTASIE INLIGTING	25
1. VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL: VOORAFGESTELDE DOELWITTE	26
2. OORSIG VAN DEPARTEMENTELE PRESTASIES	26
2.1 Diensleweringomgewing	26
2.2 Verbeteringsplan vir dienslewering	27
2.3 Organisasoriese omgewing	32
2.4 Belangrike beleidsontwikkelings en wetswysigings	33
3. STRATEGIES-UITKOMSGERIGTE DOELWITTE	33
4. PRESTASIE-INLIGTING VOLGENS PROGRAM	35
4.1 Program 1: Administrasie	35
4.2 Program 2: Behuisingsbehoefte, Navorsing en Beplanning	40
4.3 Program 3: Behuisingsontwikkeling	48
4.4 Program 4: Bestuur van behuisingsbates	60
5. OORDRAGBETALINGS	64
5.1 Oordrag van betalings aan openbare entiteite	64
5.2 Oordrag van betalings aan alle ander organisasies wat nie openbare entiteite is nie	64
6. VOORWAARDELIKE TOELAES	67
6.1 Voorwaardelike toelaes en toegewysde geld betaal	67
6.2 Voorwaardelike toelaes en toegewysde geld ontvang	67
7. SKENKERGELD	71
7.1 Skenkergeld ontvang	71
8. KAPITAALBELEGGING	71
8.1 Kapitaalbeleggings, instandhouding en batebestuursplan	71
DEEL C: BESTUUR	73
1. INLEIDING	74
2. RISIKOBESTUUR	74
3. BEDROG EN KORRUPTIE	77
4. KONFLIK VAN BELANGE	78
5. GEDRAGSKODE	78
6. GESONDHEIDS-, VEILIGHEIDS- EN OMGEWINGSKWESSIES	79
7. PORTEFEULJEKOMITEES	80
8. SCOPA-BESLUIE	82
9. VOORAF-WYSIGINGS AAN OUDITVERSLAE	84
10. INTERNE BEHEER-EENHEID	84
11. INTERNE OUDIT- EN OUDITKOMITEES	86
12. OUDITKOMITEEVERSLAG	87
13. BREË-BASIS SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING (B-BSEB) PRESTASIE-INLIGTING	89

DEEL D: MENSLIKE HULPBRONBESTUUR	91
1. INLEIDING	92
2. STATUS VAN VAN DIE DEPARTEMENT SE MENSEBESTUUR	92
2.1 Prioriteite van die departementele arbeidsmagbeplanning	92
2.2 Werknemersprestasiestuur	93
2.3 Werknemerwelstand	93
2.4 Kontrolering van mensebestuur	93
3. STATISTIEK VAN TOESIGHOUDING VAN PERSONEELBESTUUR	94
3.1 Personeelverwante uitgawes	94
3.2 Indiensneming en vakatures	98
3.3 Werksevaluasie	100
3.4 Indiensnemings veranderinge	102
3.5 Indiensnemingsgelykheid	108
3.6 Ondertekening van prestasie-ooreenkomste deur SBD-lede	115
3.7 Die vulling van die SBD-poste	116
3.8 Werknemerprestasie	118
3.9 Buitelandse werknemers	124
3.10 Verlofgebruik vir die tydperk 1 Januarie 2019 tot 31 Desember 2019	125
3.11 Programme vir Gesondheidsbevordering, wat MIV and VIGS insluit	129
3.12 Arbeidsverhoudinge	133
3.13 Vaardigheidsontwikkeling	135
3.14 Aandienbeserings	137
3.15 Gebruik van Konsultante	138
DEEL E: FINANSIËLE INLIGTING	149
1. VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL	151
2. JAARLIKSE FINANSIËLE STATE	156
BYLAE	235
BYLAE A - LYS VAN KONTRAKTEURS	236



**ALGEMENE
INLIGTING**

Departmental receipts

Estimate

acronyms

Administration

mandates

organisational structures

TOTAL capital assets

USDG Legislature

Foreword by the Minister

Housing Demand Database

G E N E R A L

I N F O R M A T I O N

City of Cape Town
Provincial Treasury
Strategic overview

Actual

1. ALGEMENE INLIGTING VAN DIE DEPARTEMENT

FISIESE ADRES: 27 Waalstraat
Kaapstad
8001

POS ADRES: Privaatsak X9083
Kaapstad
8000

TELEFOONNOMMER: 021 483 4965

E-POS ADRES: Emmanuela.Maclean@westerncape.gov.za

WEBTUISTE ADRES: www.westerncape.gov.za

2. AFKORTINGS/AKRONIEME

BBSEB	Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging	INOP	Informele Nedersetting Ondersteuningsprogram
BKP	Besigheid Kontinuïteitsplan	JPP	Jaarlikse Prestasieplan
BNG	Breaking New Ground	JPV	Jaarlikse Prestasieverlag
BPM	Behuisingsprogram vir Mense	KMMO	Klein, Medium, Mikro-ondernemings
BSS	Behuising Subsidieskema	KPV	Kwartaallikse Prestasieverlag
BV	Bedryfsvaardigheid	LBU	Leef Beter-uitdaging
BVB	Burgerverhoudingsbestuur	LKR	Lewende Kaap: 'n Raamwerk vir Menslike Nedersettings
DBME	Departement van Beplanning, Monitering en Evaluering	LUK	Lid van die Uitvoerende Komitee
DEP	Departementele Evalueringsplan	MBBL	Maatskaplike Behuising Beheerliggaam
DLVP	Dienslewering Verbeteringsplan	MIT	Munisipale Infrastruktuurtoelaag
DMN	Departement van Menslike Nedersettings	MNOT	Menslike Nedersetting Onwikkelingstoelaag
DOOB	Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning	MTSR	Mediumtermyn Strategiese-raamwerk
DOWV	Departement van Openbare Werke en Vervoer	MTUR	Mediumtermyn Uitgawe-raamwerk
DPR	Departement van Plaaslike Regering	NDvMN	Nasionale Departement van Menslike Nedersettings
DSA	Departement van	NHBRC	The National Home Builders Registration Council
DvL	Departement van Landbou	NOP	Nasionale Ontwikkelingsplan
EDGE	Excellence in Design for Greater Efficiencies	NROR	Nasionale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk
FGISP	Finansieel-gekoppelde Individuele Subsidieprogram	NRVB	Nasionale Raad vir Eienaarbouers
GBI	Gesamentlike Beplanningsinisiatiewe	OGV	Openbare Gesondheid en Veiligheid
GGBW	Grondgebruik Beplanningwet	OINP	Opgrotering van die Informele Nedersettingsprogram
GROP	Geïntegreerde Residensiële Ontwikkelingsprogram	ORB	Ondernemings Risiokobestuur
GSOR	Geïntegreerde Stedelike Ontwikkelingsraamwerk	OSRBR	Openbare Sektor Risikobestuursraamwerk
GVI	Geïntegreerde Verslagdoeningsinstrument	OVGW	Wet op Openbare Veiligheid en Gesondheid
GVSO	Geweldvoorkoming deur Stedelike Opgrotering	PBNF	Provinsiale Behuisings Noodfonds
HFB	Hoof Finansiële Beampte	PBOG	Prioriteits Behuising Ontwikkelingsgebiede
HvD	Hoof van die Departement	PEHV	Provinsiale Ekonomiese Hersiening en Vooruitsig
IKT	Inligting- en kommunikasietegnologie		

PERMIS	Prestasiebestuur Inligtingstelsel	SSEP	Streek Sosio-ekonomiese Program
PFS	Provinsiale Forensiese Dienste	TAB	Tegniese Aanwyser Beskrywings
PROR	Provinsiale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk	TAHT	Titelakte Herwinningstoelaag
PSP	Provinsiale Strategiese Plan	UOWP	Uitgebreide Openbare Werke Program
PT	Provinsiale Tesourie	VBI	Voorheen-benadeelde Individue
RB	Rekenpligtige Beampte	VBK	Voorraad-bestuursketting
RBGBW	Ruimtelike Beplanning en Grondgebruik Wet	VBT	Volhoubare Boutegnologie
RKIS	Regeringskommunikasie- en Inligtingstelsel	VIP	Visie-geïnspireerde Prioriteit
SAVIK	Suid-Afrikaanse Vroue in Konstruksie	VOP	Volhoubare Ontwikkelingsplanne
SBD	Senior Bestuursdient	VUKVS	Verbeterde Uitgebreide Kortingsvoordeelskema
SBL	Staatsbeheerde Liggaam	VVBRW	Voorkeur Verkryging Beleidsraamwerk Wet
SBWG	Sosiale Behuising Wetgewende Gesag	WGW	Werknemer Gesondheid en Welstand
SGIT	Streek Grootmaat Infrastruktuurtoelaag	WKBADB	Wes-Kaapse Behuisingaanvraag Databasis
SK	Stad Kaapstad	WKIR	Wes-Kaapse Infrastruktuur Raamwerk
SMI	Stelsel Moniteringsinstrument	WKR	Wes-Kaapse Regering
SNOT	Stedelike Nedersetting Ontwikkelingstoelaag	WNI	Wettige Nakomingsinstrument
SOR	Sakekennis Ontwikkelingsraamwerk	WOFB	Wet op Finansiële Bestuur
SRIR	Streek Ruimtelike Infrastruktuurraamwerk		

3. VOORWOORD DEUR DIE PROVINSIALE MINISTER VAN DIE DEPARTEMENT

Die 2019/20 boekjaar het ons die geleentheid gegee om weereens duisende mense regoor die Wes-Kaap se lewens te verbeter. Een van ons groot beweegredes is om 'n beduidende en tasbare verskil in verdienstelike begunstigdes se lewens te maak. Vanaf die aanvang van my ampstermyn het ons besluit dat sekere belangrike aksieplanne noodsaaklik is indien ons huisvesting aan ons mense wil bied.

Vier aksieplanne is bepaal:

- Ingrypende bespoediging van verskaffing van behuising;
- Ingrypende toepassing van vernuwende oplossings;
- 'n Geïntegreerde benadering tot menslike nedersettings; en
- Ingrypende bemagtiging en werkskepping.

Hierdie belangrike aksieplanne is ná uitgebreide onderhandeling met 'n verskeidenheid belanghebbendes bepaal wat samesprekings met munisipaliteite ingesluit het waartydens die belangrikste kwessies en uitdagings van die menslike nedersettingsomgewing bespreek is.

'n Verdere bewys dat ons ons mense se standpunte belangrik ag, is 'n uitvoerende opdrag aan alle munisipaliteite uitgereik, dat agterplaasbewoners amptelik deel moet uitmaak van hul kriterialys vir "groenveld"-projekte. Dit beteken dat voorkeur gegee word aan bejaardes, gestremde persone, diene wat die langste op die waglys is, oftewel 15 jaar en langer, sowel as die agterplaasbewoners. Dit is opmerklik dat ons die eerste provinsiale regering is wat agterplaasbewoners amptelik in ons lys van prioriteitsgroepe insluit. In wese beteken dit dat daar 'n verdeling van 50/50 in alle "groenveld"-projekte is, terwyl al die ander kriteria in gedagte gehou word.

Ook het ons weereens ons verbintenis nagekom deur geleentede te skep vir klein, medium en mikro-ondernemings (KMMO's) deur 66,74% van die Menslike Nedersettingstoelaag (MNOT) aan kontrakteurs met Histories Benadeelde Individue (HBI) toe te ken.

Daarbenewens is 156 jongmense in verskillende vakgebiede in die boubedryf opgelei. Hierdie prestasie was teen 'n doelstelling van 150, terwyl 1 056 werksgeleentede teen 'n doelstelling van 800 geskep is. Dit is 'n duidelike aanduiding van ons vasbeslotenheid om ons doelwit van ekonomiese transformasie en bemagtiging van die jeug te bereik, aangesien dit uiteindelik die meerderheid Suid-Afrikaners bevoordeel. Ons het 'n unieke en dinamiese portefeulje en het insiggewende leiers nodig om innoverende strategieë voor te staan om aan die eise van ons gemeenskappe te voldoen. Niemand is verbaas dat ons soveel geskille tydens die afgelope boekjaar hanteer het waarin verskillende individue en / of groepe beweer dat hulle wettige leiers in die onderskeie gemeenskappe is nie. Hierdie geskille het ongelukkig tot 'n vertraging van die aanvang van projekte gelei, met sommiges wat glad nie eens begin is nie. Die gemeenskappe is met hierdie uitdagings en tekortkominge betrek, en ons sal daarmee voortgaan.

Die optimale gebruik van inligting- en kommunikasietegnologie (IKT) is hier van kernbelang, veral aangesien die doel is om die verspreiding van inligting aan te moedig deur die IKT te gebruik. Dit bewys die Departement se deursigtigheid in sy onderhandelinge.

Positiewe vordering word gemaak en ons glo dat met meer direkte toegang tot en betrokkenheid by gemeenskappe, daar meer begrip sal wees van hoe ons ons mense bystaan.

Algemene Inligting

Ek wil graag die Departementshoof bedank vir haar en haar span se toewyding om ons mense se lewens te verbeter. Ek wil ook erkenning gee aan my Ministeriële personeel vir hul onwrikbare ondersteuning en toewyding aan die inwoners van die Wes-Kaap.



Tertuis Simmers
Provinsiale Minister van die Departement van Menslike Nedersettings
Wes-Kaapse Regering
Datum: 31 Julie 2020

4. VERSLAG VAN DIE REKENKUNDIGE BEAMPTE

Die Wes-Kaapse Departement van Menslike Nedersettings (WK:DvMN) het voortdurend gedurende die 2019/20 boekjaar sy verbintenis tot die Mediumtermyn Strategiese Raamwerk, die Nasionale Uitkomste, sowel as Provinsiale Strategiese Doelwitte, veral Strategiese Doelwit 4, uitgespreek.

Die volgende is 'n uiteensetting van enkele hoogtepunte wat die Departement, in ooreenstemming met sy strategiese doelstellings, gedurende die verslagjaar beleef het.

1. Verbeterde doeltreffendheid en effektiwiteit van die provinsiale Departement van Menslike Nedersettings

Die bestuursprestasie-evalueringsmetode (BPEM), wat daarop gemik was om die bestuurstrukture in alle staatsdepartemente te beoordeel en te verbeter, is gedurende die 2018/19 boekjaar vir die laaste keer gebruik. Dit was as gevolg van 'n merkbare verbetering in bestuur, bestuurspraktyke en uiteindelik dienslewering. Die Departement het in die 2019/20 boekjaar voortgegaan om verslag te doen oor die BPEM-standaarde, en sodoende sy bereidwilligheid getoon om sy werkswyse verder te verbeter en dit 'slim' te doen.

Daarbenewens het die Departement vyf (5) nuwe standaardbedryfsprosedures (SBP's) bekendgestel, veral in die Verskaffingbestuursketting. Sodoende sal hierdie SBP's die verskaffingbestuurskettingprosesse vaartbelyn maak deur foute uit te skakel, of te beperk, en onnodige verdragings te vermy.

2. Verbeterde funksionaliteit, doeltreffendheid van munisipale ondersteuning deur menslike nedersettings

2.1. Munisipale Ondersteuning

Die Departement het gedurende die oorsigjaar voortgegaan om ondersteuning aan alle munisipaliteite te bied met die ontwikkeling van hul Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne (GOP). In hierdie verband het al 25 plaaslike munisipaliteite tegniese beplanningsondersteuning ontvang, wat daarop gerig was om lewering van behuisingsprojekte te bespoedig. Daarbenewens het die Departement ses (6) munisipaliteite met tegniese en strategiese ondersteuning gehelp om hul onderskeie munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerke (ROR) te ontwikkel.

2.2. Beleid en Navorsingsprojekte

Gedurende die 2019/20 boekjaar het die Departement sy mikpunt bereik om twee (2) navorsingsartikels te verskaf en een (1) beleidsriglyn op te stel. Hier het die Departement ondersoek ingestel of dit lewensvatbaar is vir die regering om subsidies aan begunstigdes op die verkoopstadium te bied, met bekostigbare afbetalings- en huuropsies (of "huur om te koop"). Tans kan 'n subsidie slegs betaal word nadat oordrag van eiendom plaasgevind het, en dit is aan die einde van die uitgestelde tydperk van eienaarskap. Hierdie maatreël beperk die impak van die subsidie op bekostigbaarheid. Daarbenewens het die Departement maatreëls voorsien wat die regering kan tref om eenaarbestuurde verdigting en ander privaatbeleggings in nuutgeskepte nedersettings / woonbuurte te bevorder.

Die Departement het verder 'n beleidsriglyn, Die Implementering van Volhoubare en Herwinbare Gesubsidieerde Behuisingsverskaffing in die Wes-Kaap, ontwikkel. Hierdie riglyn is daarop gemik om volhoubare uitkomste vir konstruksie van staatsgesubsidieerde behuising in die Wes-Kaap te bevorder.

2.3. Vennootskappe

Die Departement het gedurende die oorsigjaar voortgegaan om in vennootskappe te tree met werkgewers wat bereid is om aansienlik by te dra om geleenthede vir huiseienaarskap vir hul werknemers te skep. APL Cartons in Breedevallei is so 'n werkgewer, asook Tronox / Andisa in die Weskusstreek.

Vennootskappe speel 'n belangrike rol in die Maatskaplike Behuisingsfeer om die Maatskaplike Behuisingsprogram uit te brei. Die volgende Maatskaplike Behuisingsinisiatiewe is derhalwe in die konstruksiefase:

- Die Conradie Beter Lewe-voorbeeldmodel is 'n goed geleë, bekostigbare, geïntegreerde, gemengde inkomste en gemengde ontwikkeling wat deur die inwoners gedryf word en sal 1 236 geleenthede vir maatskaplike huurbehuising bied;
- Die eerste fase van die Glenhaven-ontwikkeling in Bellville bestaan uit 416 eenhede;
- Die Regent Villas-projek in Mitchell's Plain sal 104 eenhede voorsien; en
- Die Bothasig Fase 2-projek het in die laaste kwartaal van 2019 begin.

Die volgende voorstelle vir vennootskappe is in Februarie 2020 aan die Uitvoerende Komitee van die Departement voorgelê en het, na aanleiding van 'n haalbaarheidsanalise, goedkeuring vir voltooiing ontvang:

- Langeberg Werkgewerondersteunde Behuising;
- APL Cartons Werkgewerondersteunde Behuising in die Breedevallei; en
- Tronox / Andisa FT Behuising vir Matzikama en Saldanhaabaai-munisipaliteite.

Die genoemde projekte is tans in hul beplanningsfase, en sluit in voorafondersoeke van begunstigdes om hul kredietwaardigheid te bepaal om 'n eiendom in die FGISP-mark te koop. Beskikbaarheid van grond en die uitvoerbaarheid van die projekte vir goedgekeurde vennootskappe word ook ondersoek asook of daar aan die wettige beplanningsvereistes voldoen word.

3. Verbeter die lewensomstandighede van begunstigdes deur die opgradering van die informele nedersettingsprogram (OINP)

Sedert die bekendstelling van die Informele Nedersettingondersteuningsplan (OINP) in 2016, het die Departement hard gewerk om 'n omwenteling vir informele nedersettings in verskillende munisipaliteite teweeg te bring. Meer as 45 000 huishoudings in 42 verskillende nedersettings regoor die provinsie het tot nou toe voordeel kon trek uit die dienste wat begin is. Agt NRO's help die Departement met programme in die beboude omgewing deur inwoners aktief by die verbeteringproses te betrek. Ons vennootskapoooreenkoms met die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOT) het daartoe gelei om toerusting vir 'n Opwip Ontwerp- en Bou Inkubeerder te bou en beskikbaar te stel. Dit is in samewerking gedoen met die Handwerk- en Ontwikkelingsinstituut deur middel van die Leef Beter-uitdaging (LBU).

4. Versnelde behuisingsmoontlikhede

4.1. Lewering van Behuising

Die Departement het gedurende die 2019/20 boekjaar 8 038 eenhede teenoor 'n doelwit van 9 723, en 5 842 terreine teenoor 'n doelwit van 6 486 gelewer. Daarbenewens is 2 337 VUKVS-geleenthede aan begunstigdes gebied, teenoor 'n doelwit van 650. Dit het tot gevolg gehad dat 16 217 behuisingsgeleenthede teenoor 'n doelwit van 16 859 gelewer is.

Beskrywing	Doelwit	Werklik
Behuisingseenhede	9 723	8 038
Terreine met dienste	6 486	5 842
VUKVS-geleenthede	650	2 337
Totale Behuisingsgeleenthede	16 859	16 217

Die onderprestasie met betrekking tot behuisingseenhede kan toegeskryf word aan die verdragings om watermeters te installeer en om kragaansluitings te aktiveer. Omdat hierdie sake nie afgehandel is nie, kon voltooiingsertifikate nie uitgereik word nie. Aangesien sommige inwoners geweier het om te verhuis kon dienste op sommige terreine nie geïnstalleer word nie.

Die Departement hanteer hierdie sake en het reeds 'n aantal strategieë ingestel om dit op te los, soos:

- Gereelde tegniese vergaderings met munisipaliteite om ooreenkoming van prestasieverslagdoening te verseker, en om gerusstelling oor areas wat kommer wek, te gee;
- Gereelde samesprekings met gemeenskappe om probleme wat hulle mag hê, aan te spreek; en
- Om projekte te bepaal wat vervroeg of versnel kan word om enige leweringskwessies wat gedurende die jaar kop uitsteek, aan te pak.

5. Verbeterde lewensomstandighede van begunstigdes deur eienaarskap te bevorder

Die Departement het daadwerklik probeer om te verseker dat ons begunstigdes volle eienaarskap van hul huise kry. Gedurende die oorsigtydperk het die Departement toegesien dat 8 491 titelaktes teenoor 'n doelwit van 7 000 aan begunstigdes oorgedra is. Hierdie prestasie kan toegeskryf word aan 'n toegewyde span wat aangewys is om titeloordragte deur middel van die Herstelprogram van Titelaktes te bespoedig.

6. Bevorder vernuwing en die Beter leefwyse-konsep

Die Departement erken dat innovering in konstruksietegnologieë die weg sal baan vir verbeterde volhoubaarheid van menslike nedersettings. Die Departement het derhalwe 684 eenhede met behulp van volhoubare bouetegnologieë vir konstruksie, energie, water en sanitasie gedurende die 2019/20 boekjaar gebou. Dit is 'n beduidende oorprestasie teenoor die doelwit van 1 000 en weerspieël die gesamentlike pogings van die Departement om innovering en beter leefwyses te bevorder.

7. Fasiliteer werkskepping en bemagtigingsgeleenthede

Ons vasberadenheid en strewende om histories-benadeeldes te bemagtig, het daartoe gelei dat 66,74% van die Menslike Nedersetting Ontwikkelingstoelae (MNOT) kontrakteurs met HBI-verteenwoordiging bevoordeel het. Dit weerspieël ons pogings om die doelwit van ekonomiese transformasie te bereik, wat uiteindelik tot voordeel van die meerderheid Suid-Afrikaners sal strek.

In ons voorneme om jeugdige te bemagtig, is 156 jongmense teenoor 'n mikpunt van 150 in verskillende vakgebiede vir die beboude omgewing opgelei. Daarbenewens is 1 056 werksgeleenthede teenoor 'n mikpunt van 800 geskep. Hierdie belangrike oorprestasie weerspieël die Departement se strewende om te verseker dat werkskepping deel word van die leweringsketting vir menslike nedersettings.

Departementele Ontvangste

Die Departement het die invorderingsbedrag soos begroot in die Begrotingsinkomste met R67,044 miljoen oorskry.

Algemene Inligting

Die onderstaande tabel is 'n ontleding van inkomste verhaal

Departementele Ontvangste	2019/2020			2018/2019		
	Beraming	Bedrag ingevorder	Oor-/Onderinvordering	Beraming	Bedrag ingevorder	Oor-/Onderinvordering
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Verkoop van goedere en dienste wat nie kapitale bates is nie	116	119	(3)	110	203	(93)
Rente, dividende en huur op grond	738	98	640	698	1386	(688)
Verkope van kapitale bates	-	8	(8)	-	7	(7)
Transaksies in finansiële bates en laste	62 506	130 179	(67 673)	59 192	253 960	(194 768)
Totaal	63 360	130 404	(67 044)	60 000	255 556	(195 556)

Die oorinvordering van Departementele inkomste is hoofsaaklik te wyte aan die Stedelike Nedersetting Ontwikkelingstoelaag (SNOT) van R88,419 miljoen wat van die Stad Kaapstad (SK) vir interne siviele ingenieursdienste vir die Forest Village Behuisingsprojek ontvang is. Die Departement sal by die Provinsiale Tesourie aansoek doen om die inkomste wat uit die oorinvordering verkry is, vir gebruik op infrastruktuurprojekte in 2010/21 te behou.

Buiten kapitaalbate sluit verkope van goedere en dienste die volgende in: R28 000 vir serwitoutregte; R68 000 vir kommissie op versekering en skuldbeslagkennisgewings wat deur PERSAL geadministreer word; R1 000 vir die verkoop van kleiner bates; R19 000 vir die verkoop van tenderdokumente; en R3 000 vir verkope van afvalmateriaal en rommel en ander gebruikte goedere.

Die Departementele skuld van R76 000 is by rente, dividende en huur op grond se bedrag ingesluit en R22 000 as gevolg van die verskillende GBP-projekte. Die verminderde inkomste in 2019/20 teenoor die vorige 2018/19 boekjaar, is te wyte aan meer GBP-projekte wat byna voltooi is.

Die bedrag van R8 000 ontvang vir die verkoop van kapitaalbate, was vir skrootmasjinerie en toerusting.

Lenings en voorskotte ten opsigte van die Wes-Kaapse Behuisingsontwikkelingsfonds (R12,012 miljoen) se debiteure, en die NTSO-befondsing ontvang van die Stad Kaapstad (SK) vir interne siviele ingenieursdienste vir die Forest Village Behuisingsprojek (R88,419 miljoen) is by die ontvangste vir transaksies van finansiële bates en laste ingesluit. Ook hierby ingesluit is terugbetaling van eiendombates van die Behuisingsontwikkelingsagentskap (BOA) (R10,934 miljoen); eiendomverkope ten opsigte van die Finansiële Individuele Subsidieprogram (R8,807 miljoen); en die verkoop van 'n eiendom in Stellendale aan 'n ontwikkelaar (R4,289 miljoen).

Programuitgawes

Die onderstaande tabelle dui fondsverskuiwings tussen die verskillende programme en ekonomiese klassifikasies aan:

FONDSVERSKUIWING PER PROGRAM

Program	Gewysigde toewysing	Afwykings	Finale toewysing	Kansellاسies/oorstaan	Werklike uitgawe
	R '000	R '000	R '000	R '000	R '000
Program 1: Administrasie	115 847	6 960	122 807	-	122 807
Program 2: Behuisingsbehoefte, Navorsing en Beplanning	28 767	(1 431)	27 336	-	27 336
Program 3: Behuisingsontwikkeling	2 503 448	(6 115)	2 497 333	349	2 496 984
Program 4: Behuisingsbatesbestuur	36 059	586	36 645	-	36 645
Totaal	2 684 121	-	2 684 121	349	2 683 772

VERSKUIWINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE

Program 1: Administrasie (R6 960 000)

Ekonomiese Klassifikasie	Gewysigde toewysing	Verskuiwing	Afwykings	Finale toewysing	Werklike uitgawe
	R '000	R '000	R '000	R '000	R '000
Vergoeding van Werknemers	88 045	(539)	5 117	92 623	92 623
Goedere en Dienste	21 231	15	541	21 787	21 787
Departementele Agentskappe en Rekenings	7	(1)	-	6	6
Huishoudings	294	248	199	741	741
Betalings vir Kapitale Bates	5 970	421	1 103	7 494	7 494
Betalings vir Finansiële Bates	300	(144)	-	156	156
Totaal	115 847	-	6 960	122 807	122 807

Die totale oorbesteding van R6 960 000 in hierdie program bestaan uit die volgende:

- Oorbesteding van R5 117 000 vir Vergoeding aan Werknemers;
- Goedere en Dienste van R541 000 wat Spyseniering (R11 000), Konsultante (R50 000) en Reis en Verblyf (R480 000) insluit;
- Huishoudings: Maatskaplike voordele (R199 000) en Betalings vir Kapitaal Bates van R1 103 000, wat Masjinerie en Toerusting (R483 000) en Sageware en Ontasbare bates (R620 000) insluit.

Die oorbesteding van R5 117 000 vir Vergoeding van Werknemers is toe te skryf aan lede van die Huurbehuisingstribunaal, Kontrakwerkers en Interns wat in die vorige boekjaar uit die BV-begroting vergoed is. In die 2019/20 boekjaar is die BV-begroting vir Vergoeding van Werknemers egter van R27 046 000 in die 2018/19 boekjaar tot R14 629 000 vir die huidige boekjaar 2019/20 verminder, dus 'n begrotingskorting van R12 417 000. Daarom is die lede van die Huurbehuisingstribunaal, Kontrakwerkers en Interns uit Program 1 vergoed, wat addisionele uitgawes van R5 117 000 tot gevolg gehad het en tot die oorbesteding in Program 1 gelei het.

Die oorbesteding van R5 117 000 vir die Vergoeding van Werknemers word uit die onderbesteding vir die

Algemene Inligting

Vergoeding van Werknemers in programme 2 en 3 gefinansier.

Die oorbesteding van R541 000 van Goedere en Dienste word gefinansier uit 'n onderbesteding aan Goedere en Dienste in programme 2 en 3.

Die oorbesteding van R199 000 aan Huishoudings: Maatskaplike Voordele is te wyte aan die verlof- en aftreevoordele vir personeel wat die diens verlaat. Dit sal uit onderbesteding van die Vergoeding van Werknemers in Program 3 gefinansier word.

Die oorbesteding van R1 103 000 aan Betalings vir Kapitaalbates word gefinansier uit Onderbesteding van Huishoudings in Program 3.

Die totale bedrag wat na hierdie Program verskuif is, is gelyk aan 6,01% van die bedrag wat onder hierdie hoofafdeling in die Aangepaste Beramings van die 2019 Inkomste en Uitgawes bewillig is.

Program 2: Behuisingsbehoefte, Navorsing en Beplanning (R1 431 000)

Ekonomiese Klassifikasie	Gewysigde toewysing	Verskuiwing	Afwyking	Finale toewysing	Werklike uitgawe
	R '000	R '000	R '000	R '000	R '000
Vergoeding van Werknemers	26 926	(74)	(1 349)	25 503	25 503
Goedere en Dienste	1 820	-	(61)	1 759	1 759
Huishoudings	21	74	(21)	74	74
Totaal	28 767	-	(1 431)	27 336	27 336

Die totale onderbesteding van R1 431 000 van hierdie program word as volg uiteengesit:

Onderbesteding aan Vergoeding van Werknemers ten bedrae van R1 349 000, onderbesteding van R61 000 aan Goedere en Dienste: (Spyseniering: R11 000, Konsultante: R50 000) en Onderbefondsing van Huishoudings: Maatskaplike Voordele: R21 000.

Die onderbesteding aan Vergoeding van Werknemers is te wyte aan die bedanking van 'n Senior Bestuurder en verplasing van 'n Middelvlakbestuurder (vlak 11).

Die onderbesteding aan die Vergoeding van Werknemers sal verskuif word na Vergoeding van Werknemers en Huishoudings: Maatskaplike Voordele in Program 1 om die oorbesteding in daardie program te dek.

Die onderbesteding van R61 000 aan Goedere en Dienste sal na Goedere en Dienste in Program 1 oorgeplaas word om die oorbesteding in daardie program te dek.

Die onderbesteding van R21 000 aan Huishoudings: Maatskaplike Voordele word in Program 1 na Huishoudings: Maatskaplike Voordele oorgeplaas om oorbesteding in die program te dek.

Die totale oorgeplaasde bedrae is gelykstaande aan 4,97% van die bedrag wat onder die hoofafdeling in die Aangepaste Beramings van Inkomste en Uitgawes 2019 bewillig is.

Program 3: Behuisingsontwikkeling (R6 115 000)

Ekonomiese Klassifikasie	Gewysigde toewysing	Verskuiwing	Afwykinge	Finale toewysing	Werklike uitgawe
	R '000	R '000	R '000	R '000	R '000
Vergoeding van Werknemers	108 540	(1 011)	(4 342)	103 187	103 038
Goedere en Dienste	83 937	(24 735)	(480)	58 722	58 600
Provinsies en Munisipaliteite	79 964	5 135	-	85 099	85 099
Hoër Opvoedkundige Instituut	400	-	-	400	400
Nie-winsgewende Organisasies	1 000	-	-	1 000	1 000
Huishoudings	2 227 492	20 611	(1 293)	2 246 810	2 246 732
Betalings vir Finansiële Bates	2 115	-	-	2 115	2 115
Totaal	2 503 448	-	(6 115)	2 497 333	2 496 984

Die totale onderbesteding van R6 115 000 in hierdie Program bestaan uit die volgende:

Die onderbesteding van R4 342 000 aan Vergoeding van Werknemers, onderbesteding van R480 000 aan Goedere en Dienste en onderbesteding van R1 293 000 aan Oordragte na Huishoudings.

Die onderbesteding van R4 342 000 aan Vergoeding van Werknemers is te wyte daaraan dat die vakante OSD-poste nie gevul is nie en die feit dat die BV COE-begroting met R12,417 miljoen verminder is. Hierdie onderbesteding sal soos volg na die volgende programme oorgeplaas word:

Program 1: Vergoeding van Werknemers R 3 967 000
 Program 4: Huishoudings: Maatskaplike Voordele R 375 000

Die onderbesteding aan Goedere en Dienste van R480 000 word na Goedere en Dienste in Program 1 oorgedra om die oorbesteding in die Program te dek.

Die onderbesteding van R1 293 000 vir Huishoudings word soos volg na die volgende programme oorgeplaas om die oorbesteding in hierdie Program te dek:

Program 1: Vervoerbates R 462 000
 Program 1: Sagteware en Ontasbare bates R 620 000
 Program 4: Provinsiale en Plaaslike Regerings R 211 000

Die totale bedrag is gelykstaande aan 0,24% van die bedrag wat onder hierdie hoofafdeling in die 2019 Aangepaste Beramings van Inkomste en Uitgawes bewillig is.

Program 4: Behuisingsbatebestuur (R 586 000)

Ekonomiese Klassifikasie	Gewysigde toewysing	Verskuiwing	Afwydings	Finale toewysing	Werklike uitgawe
	R '000	R '000	R '000	R '000	R '000
Vergoeding van Werknemers	24 976	(698)	-	24 278	24 278
Goedere en Dienste	9 840	(267)	-	9 573	9 573
Provinsies en Munisipaliteite	1 000	507	211	1 718	1 718
Huishoudings	243	458	375	1 076	1 076
Totaal	36 059	-	586	36 645	36 645

Die totale oorbesteding van R586 000 in hierdie Program bestaan uit die volgende:

Oorbesteding aan Provinsies en Munisipaliteite: Tariewe en Belastings R 211 000

Oorbesteding aan Huishoudings: Maatskaplike Voordele R 375 000

Die oorbesteding van R211 000 aan Provinsies en Munisipaliteite vir Eiendomsbelasting en Diensgelde word gefinansier uit 'n onderbesteding aan Ander oordragte aan Huishoudings in Program 3.

Die oorbesteding van R375 000 op Huishoudings: Maatskaplike Voordele sal uit 'n onderbesteding van Vergoeding van Werknemers in Program 3 gefinansier word.

Die totale verskuiwings is gelykstaande aan 1,63% van die bedrag wat vir die hoofafdeling in die 2019 Aangepaste Beramings van Inkomste en Uitgawes bewillig is.

Al die bogenoemde oorplasing val in die 8%-limiet ingevolge artikel 43 (2) van die WOFB.

Die onderstaande tabel dui die uitgawes per program aan:

Program	2019/2020			2018/2019		
	Finale toewysing	Werklike uitgawe	(Oor-)/Onderbesteding	Finale toewysing	Werklike uitgawe	(Oor-)/Onderbesteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Administrasie	122 807	122 807	-	107 883	106 692	1 191
Behuisingsbehoefte, Navorsing en Beplanning	27 336	27 336	-	25 282	25 282	-
Behuisingsontwikkeling	2 497 333	2 496 984	349	2 272 138	2 184 379	87 759
Behuisingsbatabestuur	36 645	36 645	-	35 978	35 978	-
Totaal	2 684 121	2 683 772	349	2 441 281	2 352 331	88 950

Volgens ekonomiese klassifikasie	Finale toewysing	Werklike uitgawe	Afwykings	Afwyking as 'n % van Finale Toedeling
	R'000	R'000	R'000	%
Program 3: Behuisingsontwikkeling	2 497 333	2 496 984	349	0
Onderbesteding van lopende uitgawes is aan kostebeperringsmaatreëls te wyte en onderbesteding van oordragte aan huishoudings van die finale faktuur ten opsigte van die Provinsiale Noodbehuisingsstoelaag wat nie teen 31 Maart 2020 ontvang is nie.				

Verduideliking van Afwykings per ekonomiese klassifikasie	Finale toewysing	Werklike uitgawe	Afwykings	Afwyking as 'n % van Finale Toedeling
	R'000	R'000	R'000	%
Program 3: Behuisingsontwikkeling				
Werknemervergoeding	103 187	103 038	149	0,14
Goedere en Dienste	58 722	58 600	122	0,2
Oordragte en Subsidies	83 773	83 695	78	0,09
Provinsiale Noodbehuisingsstoelaag				
Totaal	245 682	245 333	349	0,14

Betaalbare fondse: R271 000

Besparings as gevolg van Onderbesteding aan Vergoeding van Werknemers ten bedrae van R149 000 en besparings op Goedere en Dienste van R122 000 sal aan die Provinsiale Tesourie oorgedra word.

Die onderbesteding aan Vergoeding van Werknemers en Goedere en Dienste, (Reis en Verblyf) was as gevolg van kostebeperringsmaatreëls.

Fondse wat oorgedra moet word: R78 000

Die Departement sal aansoek doen vir oordrag van die R78 000 onderbesteding op die Provinsiale Noodbehuisingsstoelaag.

Ongemagtigde, vrugtelose en verkwistende uitgawes

Geen ongemagtigde of vrugtelose en verkwistende uitgawes is deur die Departement in die verslagjaar aangegaan nie.

Openbare Private Vennootskappe (OPV'e)

Die Departement het geen OPV'e gedurende die boekjaar aangegaan nie.

Beëindigde aktiwiteite / aktiwiteite wat gestaak moet word

Geen aktiwiteite moet gestaak word nie.

Nuwe of voorgestelde aktiwiteite

Geen nuwe / voorgestelde aktiwiteite is gedurende die verslagjaar ingedien nie.

Voorsieningsbestuurskettering

Geen onaangevraagde tendervoorstelle is vir die verslagjaar voltooi nie.

Algemene Inligting

Toesig oor die verskaffingbestuursketteringprosesse is deur Interne Beheer uitgevoer. Dit het aanstelling van kontrakteurs ingesluit asook betalings om onreëlmatige uitgawes vir die oorsigjaar op te spoor en te voorkom.

Die Departement het 'n verandering ondergaan van een wat vir reëlins verantwoordelik was na een wat projekte tot uitvoering bring. Die vestiging van die Departement was nie aangepas om voorsiening vir konstruksie-verkryging te maak nie, en het derhalwe beperkinge in die voorraadbestuurskettering (VBK) ervaar. Die Departement het voortdurend met die Provinsiale Tesourie samesprekings gevoer om hieraan aandag te gee om sy billike deel te vergroot.

Welwillendheidsgeskenke en donasies deur die Departement voorsien of van nie-verwante partye ontvang

Die volgende welwillendheidsgeskenke en donasies is deur die Departement voorsien:	R'000
Donasie vir Homewise Jeugkompetisie	37
Blomme/vrugtemandjies om meegevoel te toon	13
Gegraveerde sleutelhouers (huiseienaars)	3
Genadeblyke	22
Totaal	75

Geen welwillendheidsgeskenke of donasies is van nie-verwante partye ontvang nie.

Crystellings en afwykings deur die Nasionale Tesourie

Geen crystelling van die WOFB of Tesourieregulasies of afwyking van die finansiële verslagdoeningsvereistes is vir die huidige en / of vorige boekjaar aangevra of ontvang nie.

Gebeure na die verslagdoeningsdatum

Daar was geen aanpassingsgebeurtenisse na die verslagdoeningsdatum nie.

Hoofagent-reëling

Sien aantekening 29 van die Jaarlikse Finansiële State (JFS).

Verwante partye

Die Departement word gratis gehuisves in 'n gebou wat deur die Departement van Vervoer en Openbare Werke bestuur word.

Parkeerplekke word ook aan staatsamptenare teen 'n goedgekeurde nie-markverwante tarief voorsien.

Die Departement het vanaf 1 November 2010 korporatiewe dienste vir die volgende bedieningsgebiede van die Korporatiewe Dienstesentrum (KDS) van die Departement van die Premier ontvang:

Inligting- en kommunikasie-tegnologie;

- Organisasie-ontwikkeling;
- Provinsiale opleiding (transversaal);
- Menslike hulpbronbestuur;
- Ondernemingsrisikobestuur;
- Interne oudit;
- Provinsiale forensiese ondersoeke;
- Regsdienste; en
- Korporatiewe kommunikasie.

Die Departement het een ongenoteerde openbare entiteit onder sy beheer, naamlik die Wes-Kaapse Behuisingontwikkelingsfonds.

Daar was geen transaksies tussen die departement en die Wes-Kaapse Behuisingontwikkelingsfonds nie.

Die Departement maak gebruik van staatsmotors wat deur die Staats Motorvervoerdiens (SMV) bestuur word, gebaseer op tariewe wat deur die Provinsiale Tesourie goedgekeur is.

Die Departement het Veiligheidsadviesdienste en Sekuriteitsondersteuning ontvang, asook toegangsbeheerdata van die Departement van Gemeenskapsveiligheid in die Wes-Kaap.

Ander

Daar is geen ander wesenlike feite of omstandighede wat moontlik begrip van die finansiële stand van sake kan beïnvloed wat nie elders in hierdie verslag bespreek word nie.

Erkenning of waardering

Ek wil my dank betuig aan die Provinsiale Minister van Menslike Nedersettings, Departementele personeel, personeel van die Ouditeur-generaal, die Ouditkomitee, die Provinsiale Parlement, die Korporatiewe Dienssentrum (KDS), die Provinsiale Tesourie en munisipaliteite vir hul bystand aan die Departement gedurende die jaar in oorsig om behuisingseleenthede regoor die Wes-Kaap te lewer.

Goedkeuring en afteken

Die boekjaar se state op bladsye 156-233 uiteengesit is deur die Rekenpligtige Beampte goedgekeur.



Me J Samson
Rekenpligtige Beampte
Departement van Menslike Nedersettings
Datum: 31 Julie 2020

5. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID EN BEVESTIGING VAN AKKURAATHEID VAN DIE JAARVERSLAG

Na die beste van my wete en kennis, bevestig ek die volgende:

Alle inligting en bedrae wat deur die jaarverslag bekend gemaak word, is konsekwent. Die jaarverslag is volledig, akkuraat en vry van enige weglatings. Dit is opgestel volgens die riglyne vir die jaarverslag soos uitgereik deur die Nasionale Tesourie.

Die boekjaarstate (Deel E) is opgestel in ooreenstemming met die gewysigde kontantstandaard en die toepaslike raamwerke en riglyne wat deur die Nasionale Tesourie uitgereik is.

Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die voorbereiding van die boekjaarstate en vir die uitsprake wat met hierdie inligting gemaak word. Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die instelling en toepassing van 'n stelsel van interne beheer wat ontwerp is om redelike versekering te bied ten opsigte van die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, die menslike hulpbronninligting en die boekjaarstate.

Die eksterne ouditeure is daartoe verbind om 'n onafhanklike mening oor die boekjaarstate uit te spreek.

Na my mening is die jaarverslag 'n regverdigde weerspieëling van die bedrywighede, prestasie-inligting, die menslike hulpbronninligting en die finansiële aangeleenthede van die Departement vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2020.

Die uwe



Me J Samson
Rekenpligtige beampte
Departement van Menslike Nedersettings
Datum: 31 Julie 2020

6. STRATEGIESE OORSIG

6.1 Visie

Inwoners van die Wes-Kaap het toegang tot bewoonbare, toeganklike, veilige en veelvoudige nedersettingsgeleenthede.

6.2 Missie

Die missie vir die Departement van Menslike Nedersettings is:

- Om nedersettings te lewer wat goeie basiese en sosio-ekonomiese dienste bied;
- Om 'n verskeidenheid huur- en eienaarskapkeuses aan te bied wat voldoen aan die uiteenlopende behoeftes en inkomste van huishoudings; en
- Om aanhoudend nedersettings te verbeter deur gesamentlike burgerlike en regeringspogings wat deur bydraes uit die privaatsektor ondersteun word.

6.3 Waardes

Die Departement van Menslike Nedersettings se waardes stem ooreen met die Batho Pele-beginsels, sowel as dié van die Wes-Kaapse Regering. Die Departement het die waardes ontsluit om dit meer in ooreenstemming met die Departementele mandaat te bring.

Bevoegdheid – Om klem te lê op personeelontwikkeling, stelsels en prosesse wat vir die doel geskik is. Ons moet toesien dat die Departement optimaal funksioneer om sy mandaat uit te voer en om sy strategiese doelstellings en mikpunte te bereik.

Verantwoordbaarheid – Om openlik en deursigtig te wees oor die Departement se doelstellings asook sy prestasie teenoor die voorafbepaalde doelstellings.

Integriteit – om eerlik en in die beste belang van die Departement, die belastingbetalers en die publiek wat ons bedien op te tree, en praktiese stappe te neem om bestuur te verbeter en om korrupsie en wanadministrasie te voorkom en daarteen op te tree.

Responsiwiteit – Om te verseker dat die menslike nedersettings wat ons bevorder, bemagtig en fasiliteer, aan ons kliënte se behoeftes voldoen, en dat ons belanghebbendes met respek behandel deur hulle te goeder trou te raadpleeg, op die hoogte hou en betyds en korrek op aansoeke, klagtes, navrae en versoeke te reageer.

Sorgsaamheid – Om mense se behoeftes met empatie te behandel, om weerloos in ons samelewing se prioriteite voorop te stel wanneer ons projekte kies om te finansier, en om te verseker dat munisipaliteite dieselfde doen wanneer begunstigdes bepaal word.

Innovasie – Om op 'n vindingryke manier ontvanklik te wees vir nuwe idees en kreatiewe oplossings vir uitdagings te ontwikkel.

7. WETGEWENDE EN ANDER MANDATE

7.1 Grondwetlike mandate

Hoofstuk 2 (Handves van Regte) van die Grondwet, artikel 26, vereis dat die staat:

- Met inagneming van die beskikbare hulpbronne, redelike wetgewende en ander maatreëls neem om die progressiewe verwesenliking van elkeen se reg op toegang tot behuising te bewerkstellig; en
- Dat niemand, sonder 'n hofbevel en na oorweging van al die tersaaklike omstandighede, uit hul woning gesit word of dat hul woning gesloop word nie.


Die Grondwet bepaal verder dat behuising 'n bevoegdheid van beide die nasionale en provinsiale regerings is.

7.2 Statutêre mandate

Die volgende belangrike wetgewing geld tans vir die behuisingssomgewing:

- i. Wet op Behuising (Wet 107 van 1997);
- ii. Wet op die Voorkoming van Onwettige Uitsetting en Onwettige Besetting van Grond (Wet 19 van 1998);
- iii. Wet op die Beskerming van die Behuisingverbruikerswet (Wet 95 van 1998);
- iv. Wet op Huurbehuising (Wet 50 van 1999);
- v. Wet op die Openbaarmaking van Huislening en Verbandlening (Wet 63 van 2000);
- vi. Wet op die Behuisingsontwikkelingsagentskap (Wet No. 23 van 2008);
- vii. Wet op Maatskaplike Behuising (Wet nr. 16 van 2008);
- viii. Wet op die Bestuur van Deeltitels (Wet No. 8 van 2011);
- ix. Wet op die Ombudsdienst vir die Gemeenskapskema (Wet 9 van 2011);
- x. Wes-Kaapse Wet op Behuisingsontwikkeling (Wet 6 van 1999); en
- xi. Wes-Kaapse Wet op Beplanning van Grondgebruik (Wet 3 van 2014).

8. ORGANISATORIESE STRUKTUUR



9. ENTITEITE WAT AAN DIE MINISTER VERSLAG DOEN

Geen



Belhar SBD



**PRESTASIE
INLIGTING**

Departmental Performance

reporting

Public Private Partnerships

Legislative

Affordable Housing

FLISP subsidies

Actual achievement

Service Delivery

Budget

Performance Indicator

Auditor

serviced sites

UISP Beneficiaries

housing opportunities

Housing Demand Database

PERFORMANCE

INFORMATION

1. VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL: VOORAFGESTELDE DOELWITTE

B Sekere auditprosedures oor prestasie-inligting word tans deur die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika (AGSA) gevolg om met 'n redelike ouditslotsom sekerheid te verseker. Die slotsom oor die prestasieaudit teenoor voorafbepaalde doelstellings is in die verslag aan bestuur vervat. Verslag oor wesentliche bevindings onder die opskrif, Voorafbepaalde Doelwitte in die verslag oor ander wetlike en voorgeskrewe vereistes, is ook gedoen.

Verwys na bladsy 151 van die verslag van die Ouditeur-generaal, gepubliseer as Deel E: Finansiële Inligting.

2. OORSIG VAN DEPARTEMENTELE PRESTASIES

2.1 Diensleweringomgewing

Verskeie eksterne faktore het 'n uitwerking op die diensleweringprosesse en kan toegeskryf word aan verskillende veranderlikes, soos stadige ekonomiese groei, asook 'n hoogs betwiste sosiopolitieke milieu. Die volgende is 'n uiteensetting van sommige van hierdie faktore:

2.1.1 Munisipale bevoegdheid

Die Departement monitor en ondersteun munisipaliteite sodat hulle hul funksies na behore kan uitvoer. Munisipaliteite werk in 'n komplekse omgewing wat hul prestasie beïnvloed. Die Departement se pogings om munisipaliteite te bekwaam en te ondersteun het munisipale bekwaamheid op projekvlak verbeter. As gevolg van uitdagings in sommige munisipaliteite moes die Departement egter steeds self sekere projekte instel.

2.1.2 Gemeenskapsonstabiliteit

Vertraging in projekte as gevolg van grondinvalle en protesaksies bly 'n werklike risiko vir die Departement, en beïnvloed dienslewering nadelig. Gemeenskapsonstabiliteit plaas ook druk op die begroting, aangesien die Departement dikwels bykomende sekuriteit moet kry, omheining oprig om persele te beveilig en, indien nodig, 'n begroting vir regsdinge indien.

2.1.3 Finansiële omgewing

Grondinvalle en protesaksies is steeds 'n werklike risiko vir die Departement, want dit vertraag projekte en beïnvloed dienslewering negatief. Gemeenskapsonstabiliteit plaas die begroting ook onder druk, aangesien die Departement dikwels bykomende sekuriteit moet kry, omheining oprig om persele te beveilig en, sou dit nodig wees, 'n begroting vir regsdinge indien.

2.2 Verbeteringsplan vir dienslewering

Die Departement het 'n verbeteringsplan vir dienslewering (DVVD) vir 1 April 2018 tot 31 Maart 2021 voltooi. Die onderstaande tabelle dui die diensleweringplan en die prestasies tot nou toe aan.

Belangrikste dienste en standaarde

Hoofdienste	Begunstigdes	Huidige / werklike standaard van dienste	Gewenste standaard van dienste	Werklike prestasie
Voorsiening van Bekostigbare Behuising	<ul style="list-style-type: none"> Middelinkomstegroepe 	<ul style="list-style-type: none"> 749 behuisingsgeleenthede. Die oorprestasie was te wyte aan 'n hoër aanvraag vir nie-krediet gekoppelde en FLISP subsidies as wat verwag is. 	<ul style="list-style-type: none"> 1 102 behuisingsgeleenthede 	<ul style="list-style-type: none"> 1 606 Behuisingsgeleenthede voorsien. Die oorprestasie was te wyte aan 'n hoër aanvraag vir nie-krediet gekoppelde en FLISP subsidies as wat verwag is.
Verskaffing van terreine met dienste aan begunstigdes	<ul style="list-style-type: none"> Aansoekers wat voldoen aan vereistes op die Behuisingsaanvraag Databasis 	<ul style="list-style-type: none"> 8 872 terreine met diense gelewer Die oorprestasie was as gevolg daarvan dat dienste vir die USIP terreine bespoedig is 	<ul style="list-style-type: none"> 9 500 terreine met dienste 	<ul style="list-style-type: none"> 5 842 terreine met dienste is verskaf Die onderprestasie was omrede dienste by sekere terreine nie ingestel kon word nie aangesien inwoners geweier het om geskuif te word.

Prestasie-inligting

Batho Pele-reëlings met begunstigdes (Raadgewing, toegang ens.)

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike presatasie
Voorsiening van Bekostigbare Behuising		
<p>Raadpleging: a) Die IRV-tegniese Gehalte Streek Koördineringsvergaderings is met munisipaliteite gehou. Gereelde vergaderings is ook met die publiek gehou om hul bekommernisse aan te pak.</p> <p>Hulpvaardigheid: a) Begunstigdes kon relevante inligting by die Instapsentrum in Waalstraat 27, Kaapstad kry. Verder is amptenare opgelei om navrae van aansoekers en / of begunstigdes op 'n hoflike manier aan te pak en om die Staatsdiens se gedragkode na te kom.</p> <p>Toegang: a) Die diens was toeganklik by die Instapsentrum in Waalstraat 27, Kaapstad.</p> <p>Bykomende prestasie: b) Deur projekbestuurders.</p> <p>Openheid en deursigtigheid: a) 'n Burgerverslag is in die hoofstroom- en gemeenskapskoerante versprei. b) Voorstelbussies vir openbare gebruik is by die Instapsentrum in Waalstraat 27, Kaapstad, geplaas. Die voorstelle is hersien en aangepak.</p> <p>Waarde vir geld: a) Verbruikersopvoeding is intern gedoen, en dus is geen ekstra koste aangegaan nie.</p> <p>Bykomende inligting: b) R63 609 286.18 is aan individuele subsidies bestee.</p>	<p>Raadpleging: a) Die IRV-vergaderings word kwartaalliks met alle munisipaliteite gehou om vordering te kontroleer en probleme aan te pak.</p> <p>Hulpvaardigheid: a) Die Instapsentrum ontvang alle kliënte vriendelik met inagneming van die Staatsdiens se gedragkode.</p> <p>Toegang: a) Die Instapsentrum in Waalstraat 27, Kaapstad.</p> <p>Openheid en deursigtigheid: a) 'n Burgerverslag word in die hoofstroom- en gemeenskapskoerante versprei. b) Voorstelbussies by die Instapsentrum in Waalstraat</p> <p>Waarde vir geld: a) Verbruikersopleiding word intern gedoen, dus word geen ekstra koste aangegaan nie.</p>	<p>Raadpleging: a) Die IRV-tegniese Gehalte Streek Koördineringsvergaderings is met munisipaliteite gehou. Gereelde vergaderings is ook met die publiek gehou om hul bekommernisse aan te pak.</p> <p>Hulpvaardigheid: a) Begunstigdes kan relevante inligting bekom by die Instapsentrum in Waalstraat 27, Kaapstad. Verder word amptenare opgelei om navrae wat deur aansoekers en / of begunstigdes geopper word, op 'n beleefde wyse aan te pak en die Staatsdiens se gedragkode na te kom.</p> <p>Toegang: a) Die diens by die Instapsentrum in Waalstraat 27, Kaapstad, was toeganklik.</p> <p>Bykomende prestasie: b) Deur projekbestuurders.</p> <p>Openheid en deursigtigheid: a) 'n Burgerverslag is in die hoofstroom- en gemeenskapskoerante versprei. b) Voorstelle word by die Instapsentrum geplaas vir openbare gebruik. Die voorstelle word hersien en hanteer.</p> <p>Waarde vir geld: a) Verbruikersopvoeding is intern gedoen, en dus is geen ekstra koste aangegaan nie.</p> <p>Bykomende inligting: b) R139 514.18 is aan individuele subsidies bestee.</p>

Prestasie-inligting

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike presatasie
Voorsiening van Persele met Dienste aan Begunstigdes		
<p>Raadpleging: a) Die IRV Tegniese gehalte Koördineringsvergaderings is met munisipaliteite gehou. Gereelde vergaderings is ook met die publiek gehou om hul bekommernisse aan te pak.</p> <p>Hulpvaardigheid: a) Begunstigdes kan relevante inligting by die Instapsentrum in Waalstraat 27, Kaapstad bekom. Amptenare is ook opgelei om navrae wat deur aansoekers en begunstigdes geopper is, hoflik aan te pak en die Staatsdiens se gedragkode na te kom.</p> <p>Toegang: a) Die diens by die Instapsentrum in Waalstraat 27, Kaapstad, was toeganklik.</p> <p>Bykomende prestasie: b) Deur projekbestuurders.</p> <p>Openheid en deursigtigheid: a) 'n Verslag gerig op die gemeenskap is in die hoofstroom- en gemeenskapskoerante versprei. b) Voorstelbussies vir openbare gebruik is by die Instapsentrum in Waalstraat 27, Kaapstad, geplaas. Die voorstelle is hersien en aangepak.</p> <p>Waarde vir geld: a) Verbruikersopvoeding is intern gedoen, en dus is geen ekstra koste aangegaan nie.</p> <p>Bykomende inligting: a) R676 355 1519 is bestee om die Informele Nedersettingsprogram (OINP) en die Geïntegreerde Residensiële Ontwikkelingsprogram (GROP) te verbeter..</p>	<p>Raadpleging: a) Die IRV-vergaderings word kwartaalliks met alle munisipaliteite gehou om vordering te kontroleer en probleme aan te pak.</p> <p>Hulpvaardigheid: a) Alle kliënte word vriendelik by die Instapsentrum ontvang en die Staatsdiens se gedragkode word nagekom.</p> <p>Toegang: a) Deur die Instapsentrum in Waalstraat 27, Kaapstad.</p> <p>Openheid en deursigtigheid: a) 'n Verslag gerig op die gemeenskap word in die hoofstroom- en gemeenskapskoerante versprei. b) Voorstelbussies by die Instapsentrum</p> <p>Waarde vir geld: a) Verbruikersopleiding word intern gedoen, dus word geen ekstra koste aangegaan nie.</p>	<p>Raadpleging: a) Die IRV Tegniese gehalte Koördineringsvergaderings is met munisipaliteite gehou. Verder is gereelde vergaderings met die publiek gehou om hul bekommernisse aan te pak.</p> <p>Hulpvaardigheid: a) Begunstigdes kan toepaslike inligting by die Instapsentrum in Waalstraat 27, Kaapstad, kry. Verder word amptenare opgelei om navrae wat deur aansoekers en / of begunstigdes geopper word, op 'n beleefde manier aan te pak en die Staatsdiens se gedragkode na te kom.</p> <p>Toegang: a) Die diens by die Instapsentrum in Waalstraat 27, Kaapstad, was toeganklik.</p> <p>Bykomende prestasie: b) Deur projekbestuurders.</p> <p>Openheid en deursigtigheid: a) 'n Verslag gerig op gerig op die gemeenskap is in die hoofstroom- en gemeenskapskoerante versprei. b) Voorstelle vir openbare gebruik word by die Instapsentrum ingedien. Die voorstelle word hersien en aangepak.</p> <p>Waarde vir geld: a) Verbruikersopvoeding is intern gedoen, en dus is geen ekstra koste aangegaan nie.</p> <p>Bykomende inligting: b) R896 560 is bestee aan die verbetering van die Informele Nedersettingsprogram (OINP) en die Geïntegreerde Residensiële Ontwikkelingsprogram (IRDP).</p>

B

Prestasie-inligting

Diensleweringinligting hulpmiddel

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike presatasie
Voorsiening van Bekostigbare Behuising		
a) Amptenare is opgelei om navrae deur aansoekers en of begunstigdes aan te pak.	a) Goed ingeligte amptenare by die Instapsentrum.	a) Amptenare is opgelei om navrae deur aansoekers en / of begunstigdes aan te pak.
b) Munisipale amptenare is opgelei om probleme en navrae rakende behuisingsmoontlikhede aan te pak.	b) Munisipale kantore.	b) Munisipale amptenare is opgelei om probleme en navrae rakende behuisingsmoontlikhede aan te pak.
c) TV-skerms met relevante inligting rakende behuisingsmoontlikhede is by die Instapsentrum in Waalstraat 27, Kaapstad, opgerig.	c) TV-skerms vertoon relevante inligting oor menslike nedersettings by die Instapsentrum.	c) TV-skerms met relevante inligting oor behuisingsmoontlikhede is by die Instapsentrum opgerig.
d) Die Departementele webwerf wat inligting bied oor die toegang tot behuisingsmoontlikhede, is gereeld bygewerk.	d) Kommunikasieveldtogte	d) Die Departementele webwerf met inligting oor toegang tot behuisingsmoontlikhede word gereeld bygewerk.
Voorsiening van Persele met Dienste aan Begunstigdes		
a) Amptenare is opgelei om navrae deur aansoekers en of begunstigdes aan te pak.	a) Goed ingeligte amptenare by die Instapsentrum.	a) Amptenare is opgelei om navrae deur aansoekers en / of begunstigdes aan te pak.
b) Munisipale amptenare is opgelei om probleme en navrae rakende behuisingsmoontlikhede aan te pak.	b) Munisipale kantore.	b) Munisipale amptenare is opgelei om probleme en navrae rakende behuisingsmoontlikhede aan te pak.
c) TV-skerms met relevante inligting rakende behuisingsmoontlikhede is by die Instapsentrum in Waalstraat 27, Kaapstad, opgerig.	c) TV-skerms vertoon relevante inligting oor menslike nedersettings by die Instapsentrum.	c) TV-skerms by die Instapsentrum het relevante inligting met betrekking tot behuisingsmoontlikhede vertoon.
d) Die Departementele webwerf wat inligting bied oor die toegang tot behuisingsmoontlikhede, is gereeld bygewerk.	d) Kommunikasieveldtogte	d) Die departementele webwerf wat inligting bied oor hoe om toegang tot behuisingsmoontlikhede te kry, word gereeld bygewerk.

Prestasie-inligting

klagtemeganisme

Huidige/werklike reëlins	Gewenste reëlins	Werklike presatasie
Voorsiening van Bekostigbare Behuising		
a) Begunstigdes kon hul bekommernisse by die Instapsentrum lug.	a) Die Departement hanteer klagtes skriftelik na afloop van 'n ondersoek.	a) Begunstigdes kon hul kommer by die Instapsentrum uitspreek.
Voorsiening van Persele met Dienste aan Begunstigdes		
a) Begunstigdes kon hul bekommernisse by die Instapsentrum lug.	a) Die Departement hanteer klagtes skriftelik nadat 'n ondersoek gedoen is.	a) Begunstigdes kon hul kommer by die Instapsentrum uitspreek.

B

2.3 Organisasie-omgewing

Die Departement het steeds voortdurend voor die uitdaging te staan gekom om sy statutêre mandate in 'n toenemend beperkte fiskale omgewing, groeiende provinsiale bevolking, uitdagende maatskaplike kwale en toenemende vraag na dienste uit te voer. Dit is daarom dus noodsaaklik om 'n doeltreffende departement te skep. Belangrike elemente in hierdie strewes is 'n verbeterde organisasiestruktuur, streng kostebeperkingsmaatreëls, doeltreffende departementele bestuurstelsels en sakeprosesse en 'n strewes na verbeterde diensleweringstrategieë.

B

Herstrukturering

Die Departement van die Premier (Organisasie-ontwikkeling) het die Departement se huidige organisasiestruktuur ondersoek om die Departementele struktuur in ooreenstemming te bring met sy nuwe strategiese beplanning en die hersiene sakemodel. 'n Streeksleweringmodel is voorgestel om alle funksies volgens distrikte te bepaal en uit te voer. Dit sal leweringverantwoordelikheid verseker, aangesien streeksbestuurders verantwoordelik sal wees vir die beplanning en lewering van doelwitte. Hierdie proses moet nog afgehandel word.

Senior Bestuursdiens

Gedurende die oorsigtydperk was daar 'n verandering in die uitvoerende leierskap van die Departement. Me J Samson is van Hoofdirekteur: Menslike Nedersettingsbeplanning tot die Departementshoof, Menslike Nedersettings bevorder. Die vakature van die HD-pos is intern deur die voormalige Direkteur van Bekostigbare Behuising, me K August, gevul. Verder is 'n nuwe LUR, mnr. T Simmers, 'n voormalige lid van die permanente Komitee vir Menslike Nedersettings, aangestel.

Hoewel die Departement die nuwe aanstellings verwelkom, is hy ook bewus van die vakatures wat ontstaan het. Die pos van Direkteur: Bekostigbare Behuising in die Hoofdirektoraat: Menslike Nedersettingsbeplanning is steeds vakant. Me R Van Rensburg van dieselfde Hoofdirektoraat het ook gedurende die verslagjaar afgetree wat twee (2) senior bestuursposte vakant in een (1) Hoofdirektoraat gelaat het.

Kliëntediens

Ten einde 'n beter diens aan die publiek te kan lewer, het die Departement met die opknapping van die Instapsentrum begin. Die Hulptonbank en die Huurhuisvestingtribunaal (HHT) is vir die duur van die opknappings tydlik na Norton Rose House, Kaapstad, verskuif. Die publiek is deeglik bewus gemaak van die verandering van lokaal en die dienste wat deur die Hulptonbank en die HHT gelewer word, is steeds daar beskikbaar.

Standaard Bedryfsprosedures

Wat die voorsieningskettingbestuur betref, het die Departement die volgende standaardbedryfsprosedures (SBP's) opgestel:

1. Dringende of nooddienste;
2. Oop Tenders; en
3. Beperkte Tenders.

Hierdie SBP's het gehelp om die Voorsieningskettingbestuur vaartbelyn te maak deur foute en onnodige vertraging uit te skakel of te beperk. Sodoende kan die Kettingbestuureenheid 'n beter diens aan die Departement lewer sowel as aan diensverskaffers wat 'n belangrike diens aan die publiek lewer.

Verder is 'n SBP ontwikkel om die bestuur van die NRO-raamwerk-ooreenkomste tussen die DMN en sy belanghebbendes te ondersteun. Daarbenewens is 'n SBP opgestel om leiding te gee vir die aansoekmetode vir die Skema vir Verbeterde Verlengde Afslagvoordeel (VUKVS) as 'n manier om potensieël begunstigdes by te staan.

Amptelike erkenning

Die amptelike erkenning van die Stad Kaapstad (SK) behels die afvaardiging en die toekenning van sekere duidelik omskrewe funksies vir die administrasie van nasionale behuisingsprogramme.

2.4 Belangrike beleidsontwikkelings en wetswysigings

Gedurende die boekjaar 2019/20 het die Departement, in samewerking met die Nasionale Departement van Menslike Nedersettings (NDMN), 'n provinsiale raadgewende werkwinkel aangebied om insette te werf vir die Mediumtermyn-strategieraamwerk (MTSR) (2019-24).

3. STRATEGIES-UITKOMSGERIGTE DOELWITTE

Soos aangedui in hoofstuk 8 van die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) en die MTSR vir 2014–2019, wil hierdie departement doelgerig werk om teen 2030 getransformeerde geïntegreerde menslike nedersettings te hê.

Die Departement lewer 'n bydrae tot die provinsiale strategiese doelwit 4, naamlik, “om 'n veerkragtige, volhoubare gehalte en inklusiewe lewensomgewing moontlik te maak”, en in sy poging het die Departement verskeie programme ingestel wat hierdie strategieë en strategiese doelwitte sal ondersteun. Die onderstaande tabel dui die prestasies van die Departement aan met betrekking tot die strategies-uitkomsgerigte doelstellings:

Nr	Strategies-uitkomsgerigte doelstellings	Strategiese Doelwit	Vordering gemaak
1	Verbeterde doeltreffendheid en effektiwiteit van die Provinsiale Departement van Menslike Nedersettings	Verbeterde Kennisbestuur en Korporatiewe Bestuur van Inligtings- en kommunikasietegnologie.	Die Departement het sy mikpunt bereik deur twee (2) kennisbestuursprojekte in te stel, naamlik: 1. Kennisnetwerk-ontwikkeling; 2. Sakekennis Ontwikkelingsraamwerk (SOR)
2	Verbeterde nedersetting-funksionaliteit, doeltreffendheid en veerkragtigheid van menslike nedersettings	Verbeter geïntegreerde ontwikkeling en ruimtelike beplanning op munisipale vlak deur aan munisipaliteite die ondersteuning te bied om menslike nedersettings te ontwikkel.	Vyf-en-twintig (25) munisipaliteite is gedurende die boekjaar 2019/20 bevoeg gemaak.
		Stel doeltreffende metodes in vir doelwitbeplanning, ruimtelike doelstellings en toekomstige lewering.	Die multi-jarige behuisings-ontwikkelingsplan (deel D van die JPP) is ontwikkel en in ooreenstemming gebring met sowel die jaarlikse prestasieplan (JPP) as die Departementele Sakeplan.

Prestasie-inligting

No	Strategies-uitkomsgerigte doelstellings	Strategie Doelwit	Vordering gemaak
2	Verbeterde nedersetting-funksionaliteit, doeltreffendheid en veerkragtigheid van menslike nedersettings	Die verbetering van die beleidsregime met betrekking tot menslike nedersettings.	Die Departement het sy doelwit bereik deur twee (2) navorsingsartikels en een (1) beleid/beleidsriglyn te ontwikkel en af te handel. Dit sluit in: <ol style="list-style-type: none"> 1. Moontlikheid om proaktiewe owerheidsondersteuning aan huishoudings in agterplaaswonings te bied (navorsingstuk); 2. Uitgestelde eienaarskap: ondersoek moontlikhede vir geleenthede om eienaarskap in die gapingsmark deur vervroegte subsidies te gebruik vir eiendomme wat verkoop word deur middel van paaientafbetaling- of huuropsies (navorsingstuk); en 3. Instelling van die Riglyne vir die Volhoubare- Herwinningsbeleid om Staatsgesubsidieerde Behuising in die Wes-Kaap te bou (beleid).
3	Versnelde behuisingsmoontlikhede	Instelling van 'n verbeterde leweringsprogram.	Die Departement het 10 375 eenhede gelewer teenoor 'n doelwit van 9 723.
4	Verbeterde lewens-omstandighede van begunstigdes deur die verbetering van die Program vir Informele Nedersettings	Instelling van gestruktureerde verbetering van informele nedersettings om 'n veilige omgewing te bevorder.	Die Departement het 5 842 terreine met dienste teenoor 'n doelwit van 6 486 gelewer.
5	Verbeterde lewens-omstandighede van begunstigdes deur eienaarskap van eiendom te bevorder	Verbeter die sekerheid van verblyfreg deur te verseker dat titelaktes oorgedra word.	Die Departement het 8 491 titelaktes teenoor 'n doelwit van 7 000 gelewer.

4. PRESTASIE-INLIGTING VOLGENS PROGRAM

4.1 Program 1: Administrasie

Doel

Die doel van hierdie program is om algehele bestuur in die Departement te voorsien in ooreenstemming met alle toepaslike wetgewing en beleide. Dit bestaan uit twee subprogramme, naamlik:

Kantoor van die LUR: Om voorsiening te maak vir die funksionering van die kantoor van die LUR; en
Korporatiewe Dienste: om korporatiewe ondersteuning te bied wat nie 'n kern deel van die Departement is nie.

Strategiese doelstellings

- Verbeterde Kennisbestuur en Korporatiewe Bestuur van Inligting- en kommunikasietegnologie.

Prestasie-oorsig

As Departement het ons vir die verslagjaar die BPEI-instrument van die Departement van Beplanning, Monitoring en Evaluering aanvaar om prestasie te beoordeel en te meet. Vanweë die sukses en prestasies in die vorige boekjare, het die Departement voortgegaan om die prosesse te verbeter op verskillende terreine van die Program. Dit het bygedra dat die Program die res van die Departement optimaal kon ondersteun om die gewenste uitwerking vir sy begunstigdes te lewer en te bereik.

Die Departement kan ook verslag doen dat hy gedurende die boekjaar 2019/2020 die volgende nuwe SBP's bekendgestel het:

- Die bestuur van die NRO-raamwerk-ooreenkoms;
- Aansoek vir die Verbeterde Uitgebreide Afslagvoordele Skema (VUKVS);
- Dringende of Nooddienste;
- Oop Tenders; en
- Beperkte Tenders.

Hierdie SBP's het bygedra tot vaartbelynde onderhandelings van die Voorsieningskettingbestuurstelsel deur foute en onnodige vertragings uit te skakel of te beperk. Dit het gelei tot beter diens aan die Departement sowel as diensverskaffers om dienste aan die publiek te lewer.

Wat die IKT betref, is daar groot vordering gemaak met die ontwikkeling van die IKT-stelsels. Ons het 'n mobiele toepassing ingestel wat burgers in staat stel om hul behuisingsbehoefte te registreer en by te werk; 'n paneelbord vir senior bestuur wat vordering van menslike nedersettingsprojekte toon en 'n paneelbord wat opsommende inligting oor informele nedersettings aandui.

Op tegnologiese vlak, is die oudio-visuele toerusting van byna al die Departement se raadsale gemoderniseer en sy videokonferensie-fasiliteite uitgebrei.

Die Departement het 'n nuwe vyf-jaar strategiese IKT-plan geformuleer wat sy nuwe strategie sowel as digitale transformasie ondersteun en sal in die nuwe strategiese siklus ingestel word.

Deur die instelling van sy Kennisbestuurstrategie het die Departement ook twee (2) Kennisbestuursprojekte ingestel, naamlik:

1. 'n Kennisnetwerk-ontwikkeling, wat op die nuwe Intranet van die Departement ontwikkel is en wat al sy personeel in staat stel om inhoud by te voeg en deur middel van samewerking betrokke te raak.

Prestasie-inligting

2. Om 'n Sake-inligtingsraamwerk (SIR) op te stel wat toepassings ontwikkel en instel om besluitneming wat op geloofwaardige data en op bewyse gegrond is, te ondersteun.

Die Departement het voortgegaan met sy bestaande kennisbestuursprogramme wat departementgerigte inleidingsprogramsessies vir pasaangestelde amptenare insluit om hulle vertrouwd te maak met die strategie en werksaamhede van die Departement; 'n mentorskapprogram; en kennisdeelsessies wat gedurende die verslagjaar momentum en belangstelling van amptenare gekry het.

B

Strategiese Doelwitte

Program 1: Administrasie						
Strategiese doelwitte	Strategiese Doelwit Prestasie-aanwyser	Werklike Prestasie 2018/2019	Beplande Doelwit 2019/2020	Werklike Prestasie 2019/2020	Afwyking van Beplande Doelwit na Werklike Prestasie 2019/2020	Opmerking oor Afwykings
Instelling van die bestuursprestasie-assesseringsinstrument (BPEI) teen 31 Maart 2020	SOI 1 Bereiking van vlak 4 van die algehele BPEI-evaluering teen 31 Maart 2020	Vlak 4	Vlak 4	Vlak 4	-	
Verbeterde kennisbestuur en korporatiewe bestuur van inligting- en kommunikasietegnologie teen 31 Maart 2020	SOI 2 Aantal kennisbestuurprojekte wat teen 31 Maart 2020 ingestel is	3	2	2	-	

Prestasie-aanwysers

Program 1: Administrasie									
No.	Prestasie-aanwyser	Werklike Prestasie 2016/2017	Werklike Prestasie 2017/2018	Werklike Prestasie 2018/2019	Beplande Doelwit 2019/2020	Werklike Prestasie 2019/2020	Afwyking van Beplande Doelwit na Werklike Prestasie 2019/2020	Opmerking oor Afwykings	
1.1	Om teen 31 Maart 2020 vlak 4 vir finansiële bestuur te bereik soos voorgeskryf in die 2018 Bestuursprestatie-evalueringinstrument (BPEI)	Vlak 4	Vlak 3	Vlak 4	Vlak 4	Vlak 4	-		
1.2	Om teen 31 Maart 2020 vlak 4 vir strategiese bestuur te bereik soos voorgeskryf in die 2018 Bestuursprestatie-evalueringinstrument (BPEI)	Vlak 4	Vlak 3	Vlak 4	Vlak 4	Vlak 4	-		
1.3	Om vlak 4 vir bestuur en aanspreeklikheid te bereik, soos voorgeskryf in die 2018 Bestuursprestatie-evalueringinstrument (BPEI) teen 31 Maart 2020	Vlak 4	Vlak 3	Vlak 4	Vlak 4	Vlak 4	-		
1.4	Om teen 31 Maart 2020 vlak 4 vir menslike hulpbronbestuur te bereik, soos voorgeskryf in die 2018 Bestuursprestatie-evalueringinstrument (BPEI)	Vlak 4	Vlak 3	Vlak 4	Vlak 4	Vlak 4	-		
1.5	Om teen 31 Maart 2020 vlak 4 vir IKT-bestuur te bereik, soos voorgeskryf in die 2018 Bestuursprestatie-evalueringinstrument (BPEI)	-	-	Vlak 4	Vlak 4	Vlak 4	-		
1.6	Aantal Kennisbestuurprojekte wat teen 31 Maart 2020 ingestel is	-	4	3	2	2	-		

Prestasie-inligting

Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom

Nie van toepassing nie.

Veranderinge aan beplande doelwitte

Geen.

Koppel prestasie aan begrotings

Uitgawes per subprogram

Program 1: Administrasie

Subprogram	2019/2020			2018/2019		
	Finansiële toewysing	Werklike uitgawe	Oor- /Onder-besteding	Finansiële toewysing	Werklike uitgawe	Oor- /Onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
LUR se kantoor	6 817	6 817	-	4 818	4 818	-
Korporatiewe Dienste	115 990	115 990	-	103 065	101 874	1 191
Totaal	122 807	122 807	-	107 883	106 692	1 191

B

4.2 Program 2: Behuisingsbehoefte, Navorsing en Beplanning

Doel

Die doel van hierdie Program is om verskaffing van behuising te beplan. Dit bestaan uit vier sub-programme, naamlik:

- Administrasie:** Om administratiewe en / of transversale dienste te lewer;
- Beleid:** Om beleid en beleidsriglyne vir menslike nedersettings te ontwikkel;
- Beplanning:** Om in samewerking met munisipaliteite behuisingsontwikkelingsplanne vir die Provinsie vir die volgende paar jare te ontwikkel;
- Navorsing:** Om navorsing te doen oor volhoubare menslike nedersettings.

Strategiese doelstellings

- Verbeter geïntegreerde ontwikkeling en ruimtelike beplanning op munisipale vlak deur munisipaliteite te ondersteun om menslike nedersettings te ontwikkel;
- Om doeltreffende metodes in te stel om doelwitte te bepaal, ruimtelike doelwitte en toekomstige leweringsdoelwitte; en
- Om die beleidsregime met betrekking tot menslike nedersettings te verbeter.

Prestasie-oorsig

Bekostigbare Behuising

Die Finansiële-gekoppelde Individuele Subsidieprogram (FGISP) bly een van die belangrikste prioriteite van die Departement en gedurende die boekjaar 2019/20 het die Departement sy program vir Verbruikersgereedheid met die doelstellings aangepak:

Om kopers wat van die hand gewys is weens bekostigbaarheid of 'n ongunstige kredietgeskiedenis en op die waglys vir menslike nedersettings / munisipaliteite is, te bemagtig;

- Om hierdie begunstigdes te help om hul kredietwaardigheid en moeilike finansiële situasies te verbeter; en
- Om 'n groter aantal goedgekeurde kopers in Departementele ontwikkelings of die sekondêre huismark te bemagtig.
- 201 huishoudings of 326 individue is in die geheel genader om by die inisiatief in te skakel waarvan 153 huishoudings (of 256 individue) van die Swellendam, George en Drakenstein munisipaliteite ingeskryf is. 35 van Swellendam se kredietgraderings het verbeter, 11 het geen verandering getoon nie en 16 het gedaal.

Daar is reeds 133 huishoudings (of 216 individue) vir bystand in die Swellendam, Drakenstein en George munisipaliteite gekies en die program sal oor 'n twee-jaar tydperk aangebied word. Die gemiddelde inkomste van die potensiële begunstigdes wat tot dusver ingeskryf is, beloop R10 535.

Die Departement gaan ook voort om vennootskappe met werkgewers aan te gaan wat bereid is om 'n aansienlike bydrae te lewer om huiseienaarskapsgeleenthede vir hul werknemers te skep. APL Cartons in Breedevallei is so 'n werkgewer, asook Tronox / Andisa in die Weskusstreek. Hierdie vennootskapsvoorstelle is deur die Departement vir verdere ondersoek en opvolg onderskryf.

Vennootskappe is ook belangrik om geleenthede vir Maatskaplike Behuising uit te brei. Die volgende Maatskaplike Behuisingsinisiatiewe is in die konstruksiefase:

- So 'n voorbeeld is die Conradie Better Living Model-projek – 'n goedgeleë, bekostigbare, geïntegreerde ontwikkeling wat deur die Sosiale Behuisingsinstelling, Own Haven, ingestel is en bestaan uit inwoners

Prestasie-inligting

- met 'n gemengde inkomste en gemengde gebruik. Die projek bied 1 236 huurbehuising vir sosiale huur;
- Die eerste fase van die Glenhaven-ontwikkeling in Bellville bestaan uit 416 eenhede;
- Die Regent Villas-projek in Mitchell's Plain sal 104 eenhede lewer en konstruksie is byna voltooi; en
- In Bothasig is die sooi gespit in die laaste kwartaal van 2019 se Fase 2-projek wat uit 314 eenhede sal bestaan.

Die Eenheid vir Bekostigbare Behuising het ook 'n aantal vennootskapsooreenkomste met uitgesoekte maatskaplike behuisingsinstellings (SBI) aangegaan om Maatskaplike Behuisingsprojekte en -inisiatiewe in die metro en buite die metrogebied te bevorder. Dit sluit die volgende maatskaplike behuisingsinstellings in: Instratin, DCI Gemeenskapsbehuisingdienste en die Suid-Afrikaanse Plaaslike Regeringsagentskap (SAPRA).

Beplanning

Wat munisipale ondersteuning betref, het die munisipale GOP's in die 2019/20 finansiële jaar meer klem gelê op die instelling en konstruksie van voortgesette projekte. Al 25 plaaslike munisipaliteite het tegniese ondersteuning ontvang om behuisingsprojekte se samestelling te bespoedig. Dit sluit ook in om struikelblokke uit die weg te ruim en infrastruktuuruitdagings vir sakeplanprojekte waartoe verbind is, uit te skakel. Dit sluit onderhandeling met die departemente van Onderwys, Gesondheid, Plaaslike Regering en Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning in. Tegniese en strategiese ondersteuning is ook verleen en insette is in ses (6) munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerke (ROR) (Oudtshoorn, Theewaterskloof, Overstrand, Matzikamma, Drakenstein en Stellenbosch) gelewer.

Die Departement tree as voog op vir Living Cape Framework wat gedurende 2019 van stapel gestuur is. Dit is 'n provinsiale raamwerk wat probeer om wyer transversale beplanning en koördinasie te bewerkstellig. Dit lê klem daarop om geïntegreerde lewering van menslike nedersettings te verbeter, en sodoende te verseker dat ons die stedelike dividend van ons gesamentlike beleggings op 'n doelgerigte manier kry – met ander woorde, dat ons die beste kollektiewe opbrengs van ons geld kry. Dit is veral belangrike belangrik dat dit ook die regering as 'n geheel aanmoedig om weg te beweeg van sy rol as verskaffer na eerder dié van 'n bemagtiger. Belangrik egter is die Gesamentlike Distriksbeplannings- en gebiedsbeplanningsbenadering wat poog om gesamentlike en doelgerigte ingrypings in ons gemeenskappe te verseker.

Die Ondersteuningsprogram vir Informele Nedersettings (OPIN) is in 2016 van stapel gestuur. Bemagtiging van munisipaliteite en gemeenskappe wat tot proaktiewe uitkomstige en toekomstige beplanningsinisiatiewe sal lei, is 'n belangrike doelstelling van die OPIN. Die program lê klem daarop om informele nedersettings te verbeter en om prosedures te volg wat in gebruikers se behoeftes sal voldoen. Aandag word ook gegee om saam oplossings te vind en om mense uit verskillende dissiplines bymekaar te bring om nuwe maniere te vind om moeilike opgraderingsprobleme aan te pak.

Sedert die bekendstelling van die OPIN het die Departement hard gewerk om 'n ommeswaai in verskillende munisipaliteite ten opsigte van informele nedersettings teweeg te bring. Tot op hede het meer as 45 000 huishoudings in 42 verskillende nedersettings regoor die provinsie voordeel uit die nuwe dienste getrek. Agt NRO's in reeds ontwikkelde omgewings help die Departement met hierdie programme deur inwoners aktief by die opgraderingsproses te betrek. Ons vennootskapsreëling met die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOT) het tot dusver gelei tot die ontwikkeling van 'n stel hulpmiddels vir 'n Opwip Ontwerp en Bou Inkubeerder. Die projek is in samewerking met die Craft and Development Institute deur die Better Living Challenge (BLC) onderneem.

Beleid en navorsing

Die Direkoraat Beleid en Navorsing het vir die 2019/20 boekjaar sy jaarlikse prestasieplan-doelwitte van twee navorsingsverslae en een beleidsriglyn bereik.

Prestasie-inligting

Die eerste navorsingsprojek was 'n studie oor die lewensvatbaarheid vir die regering om eenhede te subsideer om aan begunstigdes in die bekostigbare huismark te verkoop deur afbetalings- en huuropsies (wat dikwels 'huur-tot-koop' genoem word). Die navorsing is hoofsaaklik deur middel van gevallestudies van bepaalde behuisingsprojekte en verkoopsinisiatiewe in die Wes-Kaap gedoen en wat op private afbetalings gegrond was. Die navorsing het getoon dat die wetlike raamwerk in Suid-Afrika voldoende beskerming aan kopers bied wat eiendomme afbetaal, maar dat verkopers betalingsrisiko's ondervind, en as die skema nie behoorlik gevolg word nie, daar regulatoriese risiko's is. Verbruikers betrokke in huuropsies het veel minder beskerming.

B

In die meeste gevalle het die projekte vir Institusionele Behuising in duie gestort (dikwels as gevolg van die wanbetaling van die koper), en eenhede is nooit aan begunstigdes oorgedra nie. Baie is steeds vervalte en behoort aan die Regering. Die Regering se behuisingsfinansiering wat leningsfinansiering aan behuisingsinstellings verskaf het, het groot verliese gely en die subsidielekkasie was aansienlik. Om subsidies te voorsien om eenhede te bou hou dus baie risiko's in. Inteendeel, dit is verkieslik om subsidies aan derdeparty-ontwikkelaars te gee, en slegs sodra eenhede beskikbaar en registreerbaar is, aangesien dit die risiko van lekkasie en wanbetaling deur die koper verlaag.

Die tweede projek het ondersoek ingestel na die haalbaarheid van die regering om proaktiewe steun te verleen aan agterplaasbewoners. Die hoofdoel van hierdie navorsing was om maatreëls te ondersoek wat die regering kan tref om eenaargedrewe verdigting en ander private beleggings in nuutgeskepte nedersettings/woonbuurte te bevorder. Positiewe verdigting kan deur die oordeelkundige gebruik van infrastruktuurtoelae, soos die Stedelike Skikking Ontwikkelingstoelaag (SNOT), noukeurige reëls en regulasie van geboue, en sensitiewe fisiese beplanning bevorder word.

Benewens die bogenoemde navorsingsprojekte, het die Departement ook 'n beleidsriglyn, *Die Instelling van Volhoubare en gesubsidieerde behuising in die Wes-Kaap*, ontwikkel. Hierdie riglyn is gemik op die bevordering van konstruksie van herwinbare en volhoubare ("groen") staatsgesubsidieerde behuising in die Wes-Kaap. "Groen" uitkomsteword bevorder deur boumateriaal en vlambare materiaal te gebruik wat minder skadelik vir die omgewing is, kleiner hoeveelhede kweekhuysgasse bevat en die uitwerking op klimaatsverandering verminder. Energie- en waterdoeltreffendheid sal tot besparings vir huishoudings lei.

Om die instelling van Herwinbare en Volhoubare ("groen") Verkryginginstelling moontlik te maak, het die Departement die Internasionale Finansierings Korporasie (IFK), 'n filiaal van die Wêreldbank, genader vir finansiering. Die geld sal aangewend word om regeringsamptenare op te lei om die OGD-Metode (Ontwerp vir groter doeltreffendheid) te gebruik asook om die Green Building Council of South Africa en sodoende die OGD-sertifisering in gesubsidieerde behuisingsprojekte te loods. OGD is 'n volhoubare en herwinbare bousertifiseringstelsel vir ontwerpers en bouers om die mees koste-effektiewe maniere vir energie- en waterbesparing te bepaal. Innoverende en slim aanpassings en verandering van huidige norme en standaarde sal waarskynlik nie tot ekstra uitgawes lei om ("groener") huise te bou wat voldoen aan die Edge-voorskifte nie. Die konstruksiekoste sal dus in die huidige subsidiebepaling val.

Ongeveer 30 amptenare van die Departement en die munisipaliteite van Drakenstein en die Stad Kaapstad is volgens hierdie inisiatief opgelei. Die loodsing van die OGD-sertifisering sal tydens 'n projek in die toekoms plaasvind en sal 500 eenhede beslaan. Die doel is dat alle staatsgesubsidieerde wooneenhede OGD-gesertifiseer word. Die eerste stap om hierdie belangrike doel te bereik, sal deur middel van die loodsprojek ingestel word. Dit sal die eerste keer wees dat staatsgesubsidieerde huise in die land vir "groen" sertifisering oorweeg sal word.

Een van die Departement se mees innoverende projekte was die GPS (Globale Posisieeringstelsel) en hommeltuig-tegnologie wat aangewend is om informele nedersettings uit die ruimte te karteer en geografiese

Prestasie-inligting

koördinate toe te ken vir inskrywings op die Behuisingaanvraag Databasis (BAD). Die Departement het die afgelope aantal boekjare finansiering ter waarde van R3,8 miljoen via die Tirelo Bosha Staatsdiensverbetering Fasiliteitsprogram en via die DSA van die Belgiese regering ontvang. 'n Deel van hierdie finansiering is ook gebruik om vyf hommeltuie aan te skaf en opleiding te gee aan twee beamptes van die Departement asook een elk van die George- en Drakenstein-munisipaliteite om hommeltuig-tegnologie toe te pas en om gesertifiseerde lisensies te verwerf om die projek aan die gang te hou.

Verskeie navorsingsprojekte wat deur universiteite in die Wes-Kaap begin is, is deur die Departement ondersteun, wat die studie oor *Brandveiligheid in Informele Nedersettings* insluit. Beide die finansiering en die projek is 'n gesamentlike inisiatief van die Universiteit Stellenbosch se Brandingenieurs Navorsingseenheid (FireSUN) en die WCDHS. Die projek is daarop gemik om brandveiligheid in informele nedersettings te verbeter deur gedragswetenskap tydens 'n brand, die toepassing van brandveiligheidstegnieke, sosiale werklikhede in gemeenskappe, die kompleksiteit van die uitdagings in nedersettings en beperkte beskikbare hulpbronne in die geheel te verstaan.

B

Stratetiese Doelwitte

Program 2: Behuisingbehoefes, Navorsing en Beplanning						
Stratetiese doelwitte	Stratetiese Doelwit Prestasie-aanwyser	Werklike Prestasie 2018/2019	Beplande Doelwit 2019/2020	Werklike Prestasie 2019/2020	Afwyking van Beplande Doelwit na Werklike Prestasie 2019/2020	Opmerking oor Afwykings
Verbeter geïntegreerde ontwikkeling en ruimtelike beplanning op munisipale vlak deur aan munisipaliteit ondersteuning te bied om menslike nedersettings te ontwikkel.	SOI 3 Totale aantal beplande ontwikkelingsprojekte vir menslike nedersettings (behuising) wat ooreenstem met die GOP's van nasionale en provinsiale prioriteite wat op 31 Maart 2020 goedgekeur is.	16	10	10	-	
Gebruik doeltreffende tegnieke om doelwitte te bepaal, ruimtelike doelstellings en om vooruitskattings te doen.	SOI 4 Ontwikkeling van die jaarlikse meerjarige behuisingplan teen Maart 2020.	1	1	1	-	
Die verbetering van die beleidsregime met betrekking tot menslike nedersettings.	SOI 5 Aantal navorsingsartikels teen 31 Maart 2020 ontwikkel.	2	2	2	-	

Prestasie-aanwysers

Program 2: Behuisingsbehoefte, Navorsing en Beplanning									
No.	Prestasie-aanwyser	Werklike Prestasie 2016/2017	Werklike Prestasie 2017/2018	Werklike Prestasie 2018/2019	Beplande Doelwit 2019/2020	Werklike Prestasie 2019/2020	Afwyking van Beplande Doelwit na Werklike Prestasie 2019/2020	Opmerking oor Afwykings	
Beplanning									
2.1	Aantal beplande menslike nedersettingsprojekte wat in ooreenstemming is met die GOPs en op die doelstellings van Uitkoms 8 gegrond is en die nasionale en provinsiale prioriteite verteenwoordig wat teen 31 Maart 2020 goedgekeur is	27	7	16	10	10	-		
2.2	Deel D van die Jaarlike Prestasieplan is volgens die voorgeskrewe formaat van die Nasionale Tesourie teen 31 Maart 2020 bepaal	1	1	1	1	1	-		
2.3	Aantal munisipaliteite wat tegniese ondersteuning van die Departement ontvang het (insluitend vaardighedsontwikkeling) om hulle te bemagtig om ontwikkelingsplanne vir menslike nedersettingsprojekte teen 31 Maart 2020 te voorsien.	25	25	25	25	25	-		
Navorsing									
2.4	Aantal navorsingsartikels oor die ontwikkeling van volhoubare menslike nedersettings wat teen 31 Maart 2020 geproduseer is.	4	3	2	2	2	-		

Prestasie-aanwysers

Program 2: Behuisingsbehoefte, Navorsing en Beplanning								
No.	Prestasie-aanwyserser	Werklike Prestasie 2016/2017	Werklike Prestasie 2017/2018	Werklike Prestasie 2018/2019	Beplande Doelwit 2019/2020	Werklike Prestasie 2019/2020	Afwyking van Beplande Doelwit na Werklike Prestasie 2019/2020	Opmerking oor Afwykings
Wetgewing en Beleid								
2.5	Aantal beleide en beleidsriglyne teen 31 Maart 2020 ontwikkel.	2	2	1	1	1	-	

Prestasie-inligting

Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom

Nie van toepassing nie.

Veranderinge aan beplande doelwitte

Geen.

Koppel prestasie aan begrotings

Uitgawe volgens subprogram

Program 2: Behuisingsbehoefte, Navorsing en Beplanning

Subprogram	2019/2020			2018/2019		
	Finansiële toewysing	Werklike uitgawe	Oor- /Onder-besteding	Finansiële toewysing	Werklike uitgawe	Oor- /Onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Administratie	17 153	17 153	-	16 136	16 136	-
Beplanning	10 183	10 183	-	9 146	9 146	-
Totaal	27 336	27 336	-	25 282	25 282	-

4.3 Program 3: Behuisingsontwikkeling

Doel

Die doel van hierdie Program is om behuisingsmoontlikhede, wat toegang tot basiese dienste insluit, aan begunstigdes te bied in ooreenstemming met die Behuisingskode. Dit bestaan uit vier subprogramme, naamlik:

Administrasie:	Om administratiewe ondersteuning te bied wat uit billike aandeel gefinansier word;
Finansiële ingrypings	Finansiële ingrypings: om onmiddellike toegang tot huisraad en -dienste te vergemaklik, wat bemagtiging bevorder en wat omgewings- en implementeringsondersteuning te bied;
Toenemende Ingrypings	Toenemende ingryping om geleidelike toegang tot behuisingsgeleenthede te vergemaklik; en
Maatskaplike en Huuringrypings	Om toegang tot huurbehuising te bemiddel wat Stedelike Herstrukturering en Integrasie ondersteun.

Strategiese doelstellings

- Stel 'n verbeterde leweringsprogram in;
- Verbeter die sekerheid van verblyfreg deur seker te maak dat titelaktes oorgedra word;
- Om 'n bemagtigende omgewing te skep vir werkskepping en bemagtigingsgeleenthede; en
- Om volhoubare gebruik van hulpbronne uit te brei, en deur konstruksie, energie, water en sanitasie innoverende tegnologieë te ondersoek.

Prestasie-oorsig

Die boekjaar 2019/20 was 'n uitdagende jaar vir die Departement, aangesien hy nie al sy projekte kon instel nie en dus nie die doelwitte vir terreine met dienste en wooneenhede kon bereik nie.

Die Departement het 8 038 wooneenhede teenoor 'n doelwit van 9 723 gelewer. Tydens die konstruksie van die wooneenhede, was daar vertragings deur die betrokke owerhede met die installering van watermeters en krag aansluitings. As gevolg van hierdie faktore kon die eenhede nie afgeteken word en as prakties voltooi beskou word nie.

Die Departement 5 842 persele met dienste teenoor 'n doelwit van 6 486 gelewer. Dienste kon nie op sommige terreine geïnstalleer word nie, aangesien inwoners geweier het om te verhuis. Die onderprestasie kan toegeskryf word aan inwoners wat hul eie strukture opgerig het en geweier het om hervestig te word, en derhalwe die installering van dienste vertraag het.

As gevolg van metodes wat deur die Herstelprojek vir Titelaktes ingestel is, het die Departement 8 491 titelaktes oorgedra teenoor 'n teiken van 7 000. Die doel van hierdie projek is om die agterstand van oordragte van huiseienaarskap in gesubsidieerde geboude menslike nedersettings uit die weg te ruim. Die projek lewer steeds positiewe resultate.

Die Departement bly verder daartoe verbind om werkskepping te bevorder, en het daarom 66,74% van sy MNOT bestee om kontrakteurs met 'n verteenwoordiging van Historiese Benadeelde Individue (HBI) aan te stel. Die oorprestasie is op die SBP's gebaseer wat vir professionele diensverskaffers en die Raamwerk ooreenkoms vir Kontrakteurs ontwikkel is. Minder kontrakteurs met vroue- en jeugvertegenwoordigers het egter in die oorsigjaar vir werksgeleenthede in die konstruksiebedryf getender.

Die Departement moedig derhalwe vroue en jeugdige aan om aan sy opleidingsprogramme deel te neem en het gedurende die oorsigperiode 156 jongmense teenoor 'n mikpunt van 150 in die boubedryfsektor opgelei. Verder het die Departement 1 056 werksgeleenthede teenoor 'n teiken van 800 gebied.

Gedurende die 2019/20 boekjaar het die Departement 1 684 wooneenhede wat volhoubare bou tegnologieë soos konstruksie, energie, water en sanitasie insluit, teenoor 'n mikpunt van 1 000 gelewer.

Algemene Aanwysers

Program 3: Behuisingontwikkeling							
Prestasie-aanwyser	Werklike Prestasie 2016/2017	Werklike Prestasie 2017/2018	Werklike Prestasie 2018/2019	Beplande Doelwit 2019/2020	Werklike Prestasie 2019/2020	Afwyking van Beplande Doelwit na Werklike Prestasie 2019/2020	Opmerking oor Afwykings
Feitlik voltooide aantal behuisingseenhede teen 31 Maart 2020 gelewer	11 283	10 212	7 828	9 723	8 038	-1 685	Kennis moet geneem word dat die konstruksie van die eenhede voltooi is. Vertraging deur die betrokke owerhede om watermeters te installeer en kragaanluitings te reël het egter daartoe gelei dat talle behuisingseenhede nie hierby iningesluit is nie en dus nie as prakties voltooi beskou is nie.
Totale aantal persele met dienste teen 31 Maart 2020 voltooi	8 546	9 773	8 872	6 486	5 842	-644	Uitdagings as gevolg van gemeenskapsdinamika, soos protesoptrede oor dienslewering en weiering om te verhuis, het die projek tot stilstand gebring en het tot die vertraging van installering van dienste vir persele gelei.
Totale aantal huiseenhede en persele met dienste teen 31 Maart 2020 gelewer	19 829	19 985	16 700	16 209	13 880	-2 329	

Stratetiese Doelwitte

Program 3: Behuisingontwikkeling						
Stratetiese Doelwitte	Stratetiese Doelwit Prestasie-aanwyser	Werklike Prestasie 2018/2019	Beplande Doelwit 2019/2020	Werklike Prestasie 2019/2020	Afwyking van Beplande Doelwit na Werklike Prestasie 2019/2020	Opmerking oor Afwykings
Stel 'n verbeterde leweringsprogram in	SOI 6 Totale aantal wooneenhede teen 31 Maart 2020 gelewer	7 828	9 723	8 038	-1 685	Neem kennis dat konstruksie van die eenhede voltooi is. As gevolg van vertraging deur die betrokke owerhede om watermeters te installeer en krag aansluitings op die netwerk te aktiveer is talle behuisingseenhede nie hierby ingesluit en as prakties voltooi beskou nie.
	SOI 7 Totale aantal dienspersele teen 31 Maart 2020 gelewer	8 872	6 486	5 842	-644	Uitdagings as gevolg van gemeenskapsdinamika, soos protesoptrede en weiering om te verhuis, het projekte teruggehou, wat derhalwe die installing van dienste op persele vertraag het.
Verbeter verblyfregsekerheid deur te verseker dat titelaktes oorgedra word.	SOI 8 Aantal eiendomme wat na 1994 ontwikkel is en teen 31 Maart 2020 aan begunstigdes oorgedra is	9 662	7 000	8 491	+1 491	Die Herstelprojek vir Titelaktes het metodes daargestel om die oordragproses te bespoedig.

Strategiese Doelwitte

Program 3: Behuisingsontwikkeling						
Strategiese doelwitte	Strategiese Doelwit Prestasie-aanwyser	Werklike Prestasie 2018/2019	Beplande Doelwit 2019/2020	Werklike Prestasie 2019/2020	Afwyking van Beplande Doelwit na Werklike Prestasie 2019/2020	Opmerking oor Afwykings
Om 'n omgewing te skep wat werke- en bemagtigingsgeleenthede moontlik maak.	SOI 9 Aantal werkseleent- hede 31 Maart 2020 moontlik gemaak	578	800	1 056	+256	Arbeidsinstensiewe projekte ingestel wat tot meer werkseleenthede gelei het.
	SOI 10 Persentasie Menslike Nedersettingstoelaag (MNOT) aan kontrak- teurs met HBI- verteenwoordiging in die behuisingssektor teen 31 Maart 2020 betaal	62.76%	50%	66.74%	+16.74%	Stappe geneem deur die Departement om die HBI- kontrakteurs se deelname aan die ekonomiese hoofstroom aan te moedig, het positiewe resultate gelever.
Om volhoubare gebruik van hulpbronne te verbeter, wat innoverende tegnologieë deur konstruksie, energie, water en sanitasie insluit.	SOI 11 Totale aantal huise met volhoubare bouetegnologieë soos konstruksie, energie, water en sanitasie teen 31 Maart 2020 gebou	1 111	1 000	1 684	+684	Die gebruik van die verskillende VBT-inisiatiewe tydens konstruksie, soos portaalrame van beton bennex- en herbelblokke het gelei tot meer eenhede wat met volhoubare bouetegnologie-inisiatiewe opgerig is.

Prestasie-aanwysers

Program 3: Behuisingontwikkeling						
No.	Prestasie-aanwyserser	Werklike Prestasie 2016/2017	Werklike Prestasie 2017/2018	Werklike Prestasie 2018/2019	Beplande Doelwit 2019/2020	Werklike Prestasie 2019/2020
					Afwyking van Beplande Doelwit na Werklike Prestasie 2019/2020	
Finansiële Ingrypings						
Individuele Behuisingsubsidies (R0 – R3 500 Nie-kredietgekoppel)						
3.1	Aantal subsidies (R0 – R3 500 nie-kredietgekoppel) teen 31 Maart 2020 uitgereik	275	273	284	130	392
						+262
Finanseel-gekoppelde individuele Subsidie (R3 501 – R22 000 FGISP)						
3.2	Aantal FGISP-subsidies (R3 501 – R22 000) teen 31 Maart 2020 toegestaan	745	589	465	996	1 214
						+218
Toename in Behuisingprogram						
3.3	Aantal nuwe terreine wat basiese dienste ontvang het as deel van die Geïntegreerde Ontwikkelingsprogram (GROP) van projekte wat teen 31 Maart 2020 voltooi is	6 412	6 461	6 569	4 420	4 967
						+547
						Opmerking oor Afwykings
						As gevolg van uitdagings en om daarvoor te vergoed, is die Departement genoodsaak om ander projekte wat vir die volgende jaar beplan is maar wel gereed is, vroeër tot uitvoering bring.

Prestasie-aanwysers

Program 3: Behuisingsontwikkeling						
No.	Prestasie-aanwyserser	Werklike Prestasie 2016/2017	Werklike Prestasie 2017/2018	Werklike Prestasie 2018/2019	Beplande Doelwit 2019/2020	Werklike Prestasie 2019/2020
		Afwyking van Beplande Doelwit na Werklike Prestasie 2019/2020	Opmerking oor Afwykings			
Finansiële Ingrypings						
Toename in Behuisingsprogram						
3.4	Aantal behuisingseenhede wat as deel van die Geïntegreerde Residensiële Ontwikkelingsprogram (GROP Fase 4) feitlik voltooi is, teen 31 Maart 2020 gelewer	4 073	4 577	4 777	6 589	4 950
		-1 639	Daar moet kennis geneem word dat die konstruksie van die eenhede voltooi is. Vertraging met die installering van watermeters en kragaanluitings deur die betrokke owerhede het egter daartoe gelei dat talle behuisingseenhede nie hierby ingesluit en as prakties voltooi beskou is nie.			
3.5	Aantal nuwe terreine wat aan basiese dienste gekoppel is as deel van die Geïntegreerde Residensiële Ontwikkelingsprogram (GROP) van projekte wat teen 31 Maart 2020 voltooi is	2 134	705	2 019	2 066	875
		-1 191	Uitdagings wat ervaar word as gevolg van gemeenskapsdinamika soos protesoptrede teen dienslewering en weiering om te verhuis, het die projek tot stilstand gebring, en het die installering van dienste vir persele vertraag.			

Prestasie-aanwysers

Program 3: Behuisingontwikkeling						
No.	Prestasie-aanwyser	Werklike Prestasie 2016/2017	Werklike Prestasie 2017/2018	Werklike Prestasie 2018/2019	Beplande Doelwit 2019/2020	Werklike Prestasie 2019/2020
Afwyking van Beplande Doelwit na Werklike Prestasie 2019/2020						
Opmerking oor Afwykings						
Finansiële Ingrypings						
Gemeenskapbehuisingproses (GBP)						
3.6	Aantal behuisingseenhede wat as deel van die Gemeenskapbehuisingprogram (GBP) feitlik voltooi is, teen 31 Maart 2020 gelewer	4 050	2 932	2 302	2 008	1 482
Various municipalities experienced procurement challenges which resulted in delays in the implementation of projects.						
Eiendomsbewysoordragte						
3.7	Aantal eiendomme wat na 1994 ontwikkel is teen 31 Maart 2020 aan begunstigdes oorgedra	9 767	9 793	9 662	7 000	8 491
Die Akteherstelprojek het metodes vasgestel om die oordragproses te bespoedig.						
Bemagtigingsgeleenthede en Werkskepping						
3.8	Aantal werksgeleenthede wat op 31 Maart 2020 bemaat is	345	1 735	578	800	1 056
Meer arbeidsintensiewe projekte is beskikbaar-gestel wat tot werksgeleenthede gelei het.						

Prestasie-aanwysers

Program 3: Behuisingsontwikkeling							
No.	Prestasie-aanwyser	Werklike Prestasie 2016/2017	Werklike Prestasie 2017/2018	Werklike Prestasie 2018/2019	Beplande Doelwit 2019/2020	Werklike Prestasie 2019/2020	Afwyking van Beplande Doelwit na Werklike Prestasie 2019/2020
Finansiële Ingrypings							
Bemagtigingsgeleenthede en Werkskepping							
3.9	Persentasie van Menslike Ndersettingstoelaag (MNOT) aan kontrakteurs met HBI-verteenvoordiging in die behuisingsektor teen 31 Maart 2020 betaal	50.21%	64.04%	62.76%	50%	66.74%	+16.74%
3.10	Persentasie van die HBI-bedrag wat teen 31 Maart 2020 aan kontrakteurs met vrouevertenvoordiging in die behuisingsektor betaal is	9.29%	10.49%	12.91%	30%	14.23%	-15.77%
3.11	Persentasie van die HBI-bedrag wat teen 31 Maart 2020 aan kontrakteurs met jeugvertenvoordiging in die behuisingsektor betaal is	6.12%	3.77%	3.78%	10%	3.10%	-6.90%
							Opmerking oor Afwykings
							Stappe geneem deur die Departement om die HBI-kontrakteurs aan te moedig om in die ekonomiese hoofstroom betrokke te raak, het positiewe resultate opgelewer.
							Min kontrakteurs met vrouevertenvoordiging het vir werk in die boubedryf getender.
							Min kontrakteurs met jeugvertenvoordiging het vir werk in die boubedryf getender.

Prestasie-aanwysers

Program 3: Behuisingsontwikkeling							
No.	Prestasie-aanwysers	Werklike Prestasie 2016/2017	Werklike Prestasie 2017/2018	Werklike Prestasie 2018/2019	Beplande Doelwit 2019/2020	Werklike Prestasie 2019/2020	Afwyking van Beplande Doelwit na Werklike Prestasie 2019/2020
Finansiële Ingrypings							
Bemagtigingsgeleenthede en Werkskepping							
3.12	Aantal jong mense wat teen 31 Maart 2020 opleiding ontvang het	150	132	177	150	156	+6
							Inisiatiewe deur die Departement om jongmense te lok om in die boubedryf betrokke te raak, het daartoe gelei dat meer jeugdiges gedurende die verslagjaar gewerf is.
Gebruik van Volhoubare Bronne							
3.13	Totale aantal huise wat teen 31 Maart 2020 gebou is met behulp van volhoubare boudgnologieë soos konstruksie, energie, water en sanitasie.	1 893	2 288	1 111	1 000	1 684	+684
							As gevolg van navorsing oor die gebruik van verskillende VBT-konstruksie inisiatiewe soos portaalrame van beton, bennex- en hebelblokke, is meer eenhede opgerig waarin volhoubare materiaal in die bouproses gebruik is.

Prestasie-inligting

Voorsiening volgens behuisingsprogram

Nr.	Munisipaliteit	Program	Oorhandiging	
			Persele met dienste	Behuisings-eenhede
1	Beaufort-Wes	Geïntegreerde Behuisingontwikkelingsprogram (GROP)	-	247
2	Bergriver	Geïntegreerde Behuisingontwikkelingsprogram (GROP)	-	0
3	Bitou	Geïntegreerde Behuisingontwikkelingsprogram (GROP)	-	345
		Verbetering van Informele Nedersettingsprogram (OINP)	54	-
4	Breedevallei	Geïntegreerde Behuisingontwikkelingsprogram (GROP)	761	0
5	Kaap Agulhas	Gemeenskapbehuisingsonderhandeling (GBP)	-	96
		Geïntegreerde Behuisingontwikkelingsprogram (GROP)	-	322
6	Sederberg	Geïntegreerde Behuisingontwikkelingsprogram (GROP)	-	134
7	Stad Kaapstad (sluit Provinsiale Projekte in)	Geïntegreerde Behuisingontwikkelingsprogram (GROP)	1227	2549
		Verbetering van Informele Nedersettingsprogram (OINP)	175	-
		Gemeenskapbehuisingsonderhandeling (GBP)	-	869
		Sosialebehuising	-	133
8	Drakenstein	Geïntegreerde Behuisingontwikkelingsprogram (GROP)	251	64
		Gemeenskapbehuisingsonderhandeling (GBP)	-	5
9	George	Geïntegreerde Behuisingontwikkelingsprogram (GROP)	902	432
		Verbetering van Informele Nedersettingsprogram (OINP)	79	-
		Gemeenskapbehuisingsonderhandeling (GBP)	-	195
10	Knysna	Verbetering van Informele Nedersettingsprogram (OINP)	27	-
		Gemeenskapbehuisingsonderhandeling (GBP)	-	185
11	Langeberg	Geïntegreerde Behuisingontwikkelingsprogram (GROP)	46	-
12	Matzikama	Geïntegreerde Behuisingontwikkelingsprogram (GROP)	332	-
13	Mosselbaai	Geïntegreerde Behuisingontwikkelingsprogram (GROP)	150	21
		Gemeenskapbehuisingsonderhandeling (GBP)	-	1
14	Oudtshoorn	Geïntegreerde Behuisingontwikkelingsprogram (GROP)	-	144

B

Prestasie-inligting

Nr.	Munisipaliteit	Program	Oorhandiging	
			Persele met dienste	Behuisings-eenhede
15	Overstrand	Verbetering van Informele Nedersettingsprogram (OINP)	83	-
		Geïntegreerde Behuisingontwikkelingsprogram (GROP)	999	63
16	Saldanhaabaai	Geïntegreerde Behuisingontwikkelingsprogram (GROP)	-	81
		Gemeenskapbehuisingsonderhandeling (GBP)	-	3
17	Stellenbosch	Geïntegreerde Behuisingontwikkelingsprogram (GROP)	76	26
18	Swartland	Geïntegreerde Behuisingontwikkelingsprogram (GROP)	165	-
		Geïntegreerde Behuisingontwikkelingsprogram (GROP)	134	128
		Gemeenskapbehuisingsonderhandeling (GBP)	-	2
19	Swellendam	Geïntegreerde Behuisingontwikkelingsprogram (GROP)	126	-
20	Theewaters-kloof	Verbetering van Informele Nedersettingsprogram (OINP)	255	-
		Geïntegreerde Behuisingontwikkelingsprogram (GROP)	-	32
		Gemeenskapbehuisingsonderhandeling (GBP)	-	126
21	Witzenberg	Geïntegreerde Behuisingontwikkelingsprogram (GROP)	-	229
22	Ander Behuisingsprogramme (Individuele Behuisingssubsidieprogramme), en Verbeterde and uitgebreide Kortingvoordeleskema (VUKVS)		-	1 606
Totaal			5 842	8 038

Prestasie-inligting

Strategie om areas van onderprestasie te verbeter

- Gereelde tegniese vergaderings sal met munisipaliteite gehou word om prestasieverslae in ooreenstemming te bring asook om daardie gebiede wat kommer veorsaak, te probeer verbeter;
- Gereelde samesprekings met gemeenskappe om aandag te gee aan enige probleme wat hulle mag hê; en
- As deel van sy sakebeplanningsproses, sal die Departement projekte bepaal wat vervoeg of versnel kan word om enige leweringskwessies wat gedurende die jaar kop uitsteek, aan te pak.

Veranderinge aan beplande doelwitte

Geen.

Koppel prestasie aan begrotings

Uitgawe volgens subprogram

Program 3: Behuisingsontwikkeling

Subprogram	2019/2020			2018/2019		
	Finansiële toewysing	Werklike uitgawe	Oor- /Onder-besteding	Finansiële toewysing	Werklike uitgawe	Oor- /Onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Administrasie	173 625	173 354	271	119 101	115 115	3 986
Finansiële ingryping	446 171	446 093	78	459 024	375 251	83 773
Toenemende Ingryping	1 858 358	1 858 358	-	1 686 356	1 686 356	-
Sosiale- en huuringsryping	19 179	19 179	-	7 657	7 657	-
Totaal	2 497 333	2 496 984	349	2 272 138	2 184 379	87 759

4.4 Program 4: Bestuur van behuisingsbates

Doel

Die doel van hierdie program is om voorsiening te maak vir die strategiese, effektiewe en doeltreffende bestuur, afwenteling en oordrag van behuisingsbates. Dit bestaan uit vier subprogramme, naamlik:

Administrasie:	Voorsiening van administratiewe bestuur wat deur gelyke besit gefinansier word;
Verkoop en oordrag van Behuisingseiendomme	Om voorsiening te maak vir verkoop en oordrag van huurvoorraad;
Oorname van Behuisingseiendomme:	Om oorname van behuisingsbates te bemiddel;
Behuisingseiendombestuur:	Om instandhouding van behuisingseiendomme te voorsien, oordrag van eiendomsreg en om grondbesit te verkry.

Strategiese doelstellings

- Verbeter die lewensomstandighede van begunstigdes deur eienaarskap van eiendom te bevorder.

Prestasie-oorsig

Die Departement het die beoogde teiken van 650 vir die 2019/20 boekjaar oorskry. Hierdie doelwit was bepaal om debiteure se uitstaande saldo's tot nul te verlaag. As gevolg van meer debiteure wat aansoek doen en vir die Verbeterde Verlengde Afslagvoordeelskema (VUKVS) in aanmerking kom asook afskrywings ingevolge die Afskrywingsbeleid, was daar 'n oorprestasie van 1 687. Dit het werklike debiteure se syfer tot 2 337 te staan gebring.

Altesaam 301 titelaktes van voor 1994 behuisingseenhede is aan geskikte begunstigdes oorgedra. Met die Titelakteherstelprojek, wat deur die Titelaktehersteltoelaag gefinansier is, het die Departement 'n daadwerklike poging aangewend om die oordrag van titelaktes te bespoedig. Op grond van hierdie pogings het die Departement oorpresteer met 191 teenoor sy beoogde teiken.

Strategiese Doelwitte

Program 4: Voorraadbestuur van Behuising						
Strategiese Doelwitte	Strategiese Doelwit Prestasie-aanwyser	Werklike Prestasie 2018/2019	Beplande Doelwit 2019/2020	Werklike Prestasie 2019/2020	Afwyking van Beplande Doelwit na Werklike Prestasie 2019/2020	Opmerking oor Afwykings
Verbeter lewens-omstandighede van die begunstigdes deur eienaarskap van eiendom aan te moedig.	SOI 12 Number of debtors Aantal debiteure wie se uitstaande saldo's ingevolge die wetlike en regulatiewe voorskrifte teen 31 Maart 2020 tot nul verminder is.	1 670	650	2 337	+1 687	Meer debiteure het in aanmerking gekom vir die Verbeterde Uitgebreide Kortingskema (VUKVS) en afskrywings ingevolge die Beleid vir Skuldafskrywing.
	SOI 13 Aantal titelaktes van wooneenhede van voor 1994 wat teen 31 Maart 2020 aan geskikte begunstigdes oorgedra is	341	110	301	+191	Die Herstelprogram vir Titelaktes vir die herstel van titelaktes het gehelp oordrag van titelaktes te bespoedig

Prestasie-aanwysers

Program 4: Voorraadbestuur van Behuising								
No.	Prestasie-aanwyser	Werklike Prestasie 2016/2017	Werklike Prestasie 2017/2018	Werklike Prestasie 2018/2019	Beplande Doelwit 2019/2020	Werklike Prestasie 2019/2020	Afwyking van Beplande Doelwit na Werklike Prestasie 2019/2020	Opmerking oor Afwykings
Bestuur van Behuisingseiendomme								
4.1	Aantal debiteure wie se uitstaande saldo's ingevolge die wetlike en regulatiewe voorskrifte teen 31 Maart 2020 tot nul verminder is.	1 490	1 813	1 670	650	2 337	+1 687	Meer debiteure het in aanmerking gekom vir die Verbeterde Uitgebreide Kortingskema (VUKVS) en afskrywings ingevolge die skuldafskrywingsbeleid.
Oordrag van Titelaktes								
4.2	Aantal titelaktes wat op 31 Maart 2020 aan geskikte begunstigdes van behuisingseenhede van voor 1994 oorgedra is.	504	344	341	110	301	+191	Die program vir die herstel van titelaktes het gehelp om aktiwiteite verbonde aan die oordrag van titelaktes te versnel.

Prestasie-inligting

Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom

Nie van toepassing nie.

Veranderinge aan beplande doelwitte

Geen.

Koppel prestasie aan begrotings

Uitgawe volgens subprogram

Program 4: Voorraadbestuur van Behuising

Subprogram	2019/2020			2018/2019		
	Finansiële toewysing	Werklike uitgawe	Oor- /Onder-besteding	Finansiële toewysing	Werklike uitgawe	Oor- /Onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Administrasie	26 731	26 731	-	24 024	24 024	-
Onderhoud van Behuisings-eiendomme	9 914	9 914	-	11 954	11 954	-
Totaal	36 645	36 645	-	35 978	35 978	-

B

5. OORDRAGBETALINGS

5.1. Oordrag van betalings aan openbare entiteite

Geen.

B 5.2. Oordrag van betalings aan alle ander organisasies wat nie openbare entiteite is nie

Die onderstaande tabel weerspieël die oordragbetalings wat vanaf 1 April 2019 tot 31 Maart 2020 gedoen is:

Naam van ontvanger	Soort organisasie	Doel waarvoor geld gebruik is	Het die Dept. voldoen aan S38(1)(i) van die WOFB?	Bedrag oorgedra (R'000)	Bedrag deur die Entiteit bestee	Rede vir onbestede geld deur die Entiteit
Stad Kaapstad	Munisipaliteit	Akkreditasie en Munisipale Ondersteuningstoelaag	JA	15 000	9 184	Toegewys in gewysigde munisipale begroting
		Skikkingbystandstoelaag	JA	1 500	804	Toegewys in gewysigde munisipale begroting
		Eiendomsbelasting en diensgelde	Nvt	14 142	14 142	N/V/T
Matzikama	Munisipaliteit	Eiendomsbelasting en diensgelde	Nvt	11	11	N/V/T
Saldanha-baai	Munisipaliteit	Bespoediging van lewering van Behuisingstoelaag	JA	13 000	-	Toegewys in gewysigde munisipale begroting
		Eiendomsbelasting en diensgelde	Nvt	83	83	N/V/T
Swartland	Munisipaliteit	Akkreditasie en Munisipale Ondersteuningstoelaag	JA	224	224	Toegewys in gewysigde munisipale begroting
		Eiendomsbelasting en diensgelde	Nvt	13	13	N/V/T
Witzenberg	Munisipaliteit	Akkreditasie en Munisipale Ondersteuningstoelaag	JA	224	194	Toegewys in gewysigde munisipale begroting

Prestasie-inligting

Naam van ontvanger	Soort organisasie	Doel waarvoor geld gebruik is	Het die Dept. voldoen aan S38(1)(i) van die WOFB?	Bedrag oorgedra (R'000)	Bedrag deur die Entiteit bestee	Rede vir onbestede geld deur die Entiteit
Drakenstein	Munisipaliteit	Akkreditasie en Munisipale Ondersteuningstoelaag	JA	224	224	Toegewys in gewysigde munisipale begroting
		Eiendomsbelasting en diensgelde	Nvt	156	156	N/V/T
Stellenbosch	Munisipaliteit	Akkreditasie en Munisipale Ondersteuningstoelaag	JA	224	224	Toegewys in gewysigde munisipale begroting
		Eiendomsbelasting en diensgelde	Nvt	158	158	N/V/T
Breedevallei	Munisipaliteit	Akkreditasie en Munisipale Ondersteuningstoelaag	JA	448	387	Toegewys in gewysigde munisipale begroting
		Eiendomsbelasting en diensgelde	Nvt	228	228	N/V/T
Theewaterskloof	Munisipaliteit	Bespoediging van lewering van Behuisingstoelaag	JA	1 000	308	Toegewys in gewysigde munisipale begroting
Kaap Agulhas	Munisipaliteit	Akkreditasie en Munisipale Ondersteuningstoelaag	JA	224	224	Toegewys in gewysigde munisipale begroting
Swellendam	Munisipaliteit	Eiendomsbelasting en diensgelde	Nvt	7	7	N/V/T
Hessequa	Munisipaliteit	Eiendomsbelasting en diensgelde	Nvt	5	5	N/V/T
Mosselbaai	Munisipaliteit	Bespoediging van lewering van Behuisingstoelaag	JA	25 000	1 928	Toegewys in gewysigde munisipale begroting
		Akkreditasie en Munisipale Ondersteuningstoelaag	JA	224	75	Toegewys in gewysigde munisipale begroting

B

Prestasie-inligting

Naam van ontvanger	Soort organisasie	Doel waarvoor geld gebruik is	Het die Dept. voldoen aan S38(1)(i) van die WOFB	Bedrag oorgedra (R'000)	Bedrag deur die Entiteit bestee	Rede vir onbestede geld deur die Entiteit
George	Munisipaliteit	Bespoediging van lewering van Behuisingstoelaag	JA	10 000	-	Toegewys in gewysigde munisipale begroting
		Akkreditasie en Munisipale Ondersteuningstoelaag	JA	448	448	Toegewys in gewysigde munisipale begroting
		Eiendomsbelasting en diensgelde	Nvt	50	50	N/V/T
Oudtshoorn	Munisipaliteit	Bespoediging van lewering van Behuisingstoelaag	Nvt	4 000	-	Toegewys in gewysigde munisipale begroting
Beaufort-Wes	Munisipaliteit	Akkreditasie en Munisipale Ondersteuningstoelaag	Nvt	224	224	Toegewys in gewysigde munisipale begroting
Universiteit van Stellenbosch	Hoër- onderwys- instelling		JA	400	400	N/V/T
Cape Craft Design Institute	Nie-wins- gewende instelling		JA	1 000	1 000	N/V/T
Totaal				88 217	30 701	

6. VOORWAARDELIKE TOELAES

6.1. Voorwaardelike toelaes en toegewysde geld betaal

Geen.

6.2. Voorwaardelike toelaes en toegewysde geld ontvang

Die onderstaande tabelle bevat 'n uiteensetting van die voorwaardelike toelaes en toegewysde geld wat vanaf 1 April 2019 tot 31 Maart 2020 ontvang is.

Voorwaardelike Toelaag 1: Toelaag vir Menslike Nedersetting-ontwikkeling (MNOT)

Departement wat die toelaag oorgedra het	Nasionale Department van Menslike Nedersettings
Doel van toelaag	Organisering en voorsiening van basiese infrastruktuur, topstrukture en basiese sosiale en ekonomiese geriewe wat bydra tot die vestiging van volhoubare menslike nedersettings.
Verwagte uitsette van toelaag	<ul style="list-style-type: none"> • 9 723 eenhede • 6 486 terreine
Werklike uitsette behaal	<ul style="list-style-type: none"> • 8 038 eenhede • 5 842 terreine
Bedrag per gewysigde WVI	R 2 172 110
Bedrag ontvang (R'000)	R 2 172 110
Redes waarom bedrag soos volgens WVI nie ontvang is nie	Nvt
Bedrag deur die Department bestee (R'000)	R 2 172 110
Redes vir onbestede geld deur die entiteit	Nvt
Redes vir afwyking van prestasie	<p>Vordering om eenhede te voltooi was gekortwiek deur vertragings deur die plaaslike owerheid om watermeters te installeer asook versuiming deur relevante owerhede om die kragnetwerk te aktiveer.</p> <p>Dienste kon nie by sommige persele geïnstalleer word nie, aangesien lede van die gemeenskap geweier het om hervestig te word.</p>

Prestasie-inligting

B

Stappe geneem om prestasie te verbeter	<ul style="list-style-type: none"> • Gereelde tegniese vergaderings sal met munisipaliteite gehou word om prestasieverslae in ooreenstemming te bring asook om gebiede wat kommer wek te verbeter; • Gereelde samesprekings met gemeenskappe om aandag te gee aan enige probleme wat hulle mag hê; en • As deel van sy Bestuursbeplanningsproses, sal die Departement projekte bepaal wat oorgedra of bespoedig kan word om verligting te gee aan projekte wat gedurende die jaar uitdagings ten opsigte van lewering gehad het.
Monitor metodes deur die Departement wat dit ontvang	Die Departement dien gedurende die boekjaar kwartaallikse verslae by die Nasionale Departement van Menslike Nedersettings in om op hoogte van prestasie te bly. Aan die einde van die jaar word 'n evalueringsverslag ingedien om die prestasie te monitor.

Voorwaardelike Toelaag 2: Uigebreide Openbare Werke Program (UOWP)

Departement wat die toelaag oorgedra het	Nasionale Departement van Openbare Werke
Doel van toelaag	Om Provinsiale Departemente aan te moedig om werkskeppingsgeleenthede uit te brei deur arbeidsintensiewe leweringmetodes te gebruik
Verwagte uitsette van toelaag	<ul style="list-style-type: none"> • 800 Werksgeleenthede • 165 Gelykwaardige voltydse poste (VGP)
Werklike uitsette behaal	<ul style="list-style-type: none"> • 1 056 Werksgeleenthede • 321 Gelykwaardige voltydse poste (VGP)
Bedrag per gewysigde WVI	R 2 986 000
Bedrag ontvang (R'000)	R 2 986 000
Redes waarom bedrag soos volgens WVI nie ontvang is nie	Nvt
Bedrag deur die Departement bestee (R'000)	R 2 986 000
Redes vir onbestede geld deur die entiteit	Nvt
Redes vir afwyking van prestasie	Nvt
Stappe geneem om prestasie te verbeter	Nvt
Monitor metodes deur die Departement wat dit ontvang	Die Departement dien gedurende die boekjaar kwartaallikse verslae by die Nasionale Departement van Menslike Nedersettings in om prestasie te monitor.

Prestasie-inligting

Voorwaardelike Toelaag 3: Provinsiale Noodbehuisingfondstoelaag (PNBT)

Departement wat die toelaag oorgedra het	Nasionale Department van Menslike Nedersettings
Doel van toelaag	Die organisering en voorsiening van basiese infrastruktuur, topstrukture en basiese sosiale en ekonomiese geriewe wat tot vestiging van volhoubare menslike nedersettings bydra.
Verwagte uitsette van toelaag	Nvt
Werklike uitsette behaal	Nvt
Bedrag per gewysigde WVI	R 87 188
Bedrag ontvang (R'000)	R 87 188
Redes waarom bedrag soos volgens WVI nie ontvang is nie	Nvt
Bedrag deur die Department bestee (R'000)	R 87 110
Redes vir onbestede geld deur die entiteit	Die saldo van R78 000 kon nie bestee word nie omdat die finale faktuur van die Provinsiale Noodbehuisingstoelaag nie teen 31 Maart 2020 ontvang is nie. 'n Aansoek om die geld te laat oorstaan is ingedien.
Redes vir afwyking van prestasie	Nvt
Stappe geneem om prestasie te verbeter	Nvt
Monitor metodes deur die Department wat dit ontvang	Die Departement dien gedurende die boekjaar kwartaallikse verslae by die Nasionale Departement van Menslike Nedersettings in om prestasie te monitor.

B

Prestasie-inligting

Voorwaardelike toekenning 4: Toekenning van titelaktes (TDRG)

Departement wat die toelaag oorgedra het	Nasionale Department van Menslike Nedersettings
Doel van toelaag	Om die uitwissing van die agterstand van oordrag van eienaarskap van huise wat met subsidies in menslike nedersettings gebou is, te finansier en te bespoedig.
Verwagte uitsette van toelaag	<ul style="list-style-type: none">• 7 000 titelaktes wat oorgedra moet word
Werklike uitsette behaal	<ul style="list-style-type: none">• 8 491 titelaktes wat oorgedra moet word
Bedrag per gewysigde WVI	Nvt
Bedrag ontvang (R'000)	R64 410 000
Redes waarom bedrag soos volgens WVI nie ontvang is nie	Nvt
Bedrag deur die Department bestee (R'000)	R 64 410 000
Redes vir onbestede geld deur die entiteit	Nvt
Redes vir afwyking van prestasie	Nvt
Stappe geneem om prestasie te verbeter	Nvt
Monitor metodes deur die Department wat dit ontvang	Die Department voorsien kwartaalverslae gedurende die boekjaar aan die Nasionale Department van Menslike Nedersettings om prestasie te monitor.

7. SKENKERGELD

7.1. Skenkergeld ontvang

Geen.

8. KAPITAALBELEGGING

8.1. Kapitaalbeleggings, instandhouding en batebestuursplan

Infra- struktuur- projekte	2019/20			2018/19		
	Finansiële toewysing R'000	Werklike uitgawe R'000	Oor- /Onder- besteding R'000	Finansiële toewysing R'000	Werklike uitgawe R'000	Oor- /Onder- besteding R'000
Onderhoud en herstel	4 532	4 532	-	4 649	4 649	-
Totaal	4 532	4 532	-	4 649	4 649	-



Stad Kaapstad, Hangberg BHE



BESTUUR

AGSA objectives
INTERNAL CONTROL
meeting key activities
assessments conflict of
Audit Committee interest
CODE OF CONDUCT
responsibility
RISK MANAGEMENT
Portfolio Committee
Section 38 compliance
SCOPA
GOVERNANCE

1. INLEIDING

Die leierskap span van die Departement van Menslike Nedersettings is verbind om die hoogste standaarde van bestuur in stand te hou en daarom daarna streef om te voldoen aan die bestuursbeginsels soos uitgelig in die King Kode van Bestuur vir Suid-Afrika, vrygestel in 2009.

In terme van hierdie beginsels, bestaan die beheerstrukture van die Departement uit die volgende:

- 'n Uitvoerende Komitee wat Departementele strategie bepaal en leiding gee om hierdie strategie en sy gepaardgaande strategiese doelwitte te verwesenlik;
- 'n Ondernemings-risikobestuurskomitee (wat in meer detail in paragraaf 2 behandel word);
- 'n Ouditkomitee voorsien onafhanklike toesig oor bestuur, risikobestuur en beheerprosedesse van die Departement;
- 'n Onafhanklike Interne Ouditfunksie voorsien onafhanklike versekering dat beheer maatreëls in plek is om risiko's te bestuur en te verminder en dat hulle voldoende en effektief funksioneer;
- Die Staande Komitee oor Openbare Rekeninge en die Staande Komitee oor Menslike Nedersettings is die Rekenpligtige Beampte en Uitvoerende Komitee behulpsaam met die bestuur van die besigheid van die Departement op 'n regverdige, verantwoordelike en deursigtige wyse.

2. RISIKOBESTUUR

Die Rekenpligtige Beampte van die Departement neem verantwoordelikheid vir die instelling van Ondernemingsrisikobestuur (ORB) in ooreenstemming met die Nasionale Tesourie Openbare Sektor Risikobestuursraamwerk (OSRBR), en die Direktoraat Ondernemingsrisikobestuur (D:ORB) in die Departement van die Premier (DvDP) lewer 'n gesentraliseerde diens aan die Departement. Die Departement het 'n Komitee vir Ondernemingsrisikobestuur ingestel om die Rekenpligtige Beampte te help met die uitvoering van haar verantwoordelikhede rakende risikobestuur.

2.1 Verantwoordelikheid van die bestuur van die Ondernemings-risikokomitee

Die verslag van die Komitee vir Ondernemingsrisikobestuur toon dat die verantwoordelikhede voortspruitend uit Artikel 38 (1) (a) (i) van die Wet op die Bestuur van Openbare Finansies (Wet nommer 1 van 1999), die Nasionale Tesourie-regulasies 3.2.1 en Regeringsdiensregulasies van 2016, Hoofstuk 2, Deel 1, 2 en 3 nagekom is. Die ORBKO berig ook dat dit die amptelike voorwaardes aangeneem het (soos op 26 Maart 2018 goedgekeur deur die voorsitter van die ORBKO) en dat dit sy sake in ooreenstemming hiermee bedryf en al sy verantwoordelikhede soos daarin vervat, nagekom het.

2.2 Komiteelede vir Ondernemingsrisikobestuur

Die ERMCO bestaan uit geselekteerde lede van die Departement se senior bestuurspan. Soos per die Verwysingsterme, het die ERMCO minste vier keer deur die jaar onder oorsig vergader (kwartaalliks).

Bestuur

Die onderstaande tabel bevat inligting oor die ORBKO-lede en die vergaderings wat in die verslagjaar bygewoon is:

Lid	Amp	Vergaderings bygewoon	Datum aangestel
Ms J Samson	Rekenpligtige Beampte en Voorsitter met ingang 01/01/2020	2	13/04/2018
Mr T Mguli	Rekenpligtige Beampte en Voorsitter, termyn verstryk op 31/12/2019	3	26/03/2018
Mr F de Wet	Hoofdirekteur: Bestuursondersteuning - (Hoof Finansiële Beampte en Departementele Risikokampioen)	3	26/03/2018
Ms P Mayisela	Hoofdirekteur: Instelling van Menslike Nedersetting	4	29/03/2018
Ms K August	Hoofdirekteur: Menslike Nedersettingsbeplanning	1	Onlangs in die pos aangestel
Mr M Stoffels	Direkteur: Finansiële Bestuur	2	04/04/2018
Mr B Nkosi	Direkteur: Ondersteuning vir Sstrategiese Bestuur	3	10/04/2018
Mr S Moolman	Adjunkdirekteur: Bestuursondersteuning	3	11/04/2018

Die volgende is 'n aanduiding van ander amptenare wat die ORBKO-vergaderings gedurende die verslagjaar bygewoon het:

Lid	Amp	Vergaderings bygewoon
Ms A Haq	Direkteur: Ondernemingsrisikobestuur (DvdP)	4
Ms V Simpson-Murray	Direkteur: Interne Oudit (DvdP)	3
Mr P de Villiers	Adjunkdirekteur: Interne Oudit (DvdP)	4
Mr R J van Rensburg	Hoofdirekteur: Provinsiale Forensiese Dienste (DvdP)	3
Ms M Natesan	Adjunkdirekteur: Provinsiale Forensiese Dienste (DvdP)	4
Mr E Peters	IK-bestuur en and Risikopraktisyn (DvdP)	2
Mr R Chibvongodze	Hoofrisiko-adviseur: Bedryfsrisikobestuur (DvdP)	3
Mr X Khanyile	Assistent-direkteur: Ondernemingsrisikobestuur (DvdP)	1

2.3 Belangrike aktiwiteite van Riskobestuurskomitee

Die Rekenpligtige Beampte is die voorsitter van die ORBKO, en die Finansiële Hoof is die Departement se Risikovoorsitter. Die ORBKO het in die uitvoering van sy pligte gedurende die 2019/20 boekjaar, die volgende belangrike bedrywighede uitgevoer:

- Die Departement se ORB-beleid, Strategiese en -implementeringsplan insluitend die risikoverwagting en toleransievlakke is vir aanbeveling deur die Ouditkomitee en goedkeuring deur die Rekenpligtige Beampte geëvalueer;
- Die effektiwiteit van verminderde strategieë om wesenlike risiko's van die Departement aan te spreek, insluitend inligtingstegnologie risiko's;
- Hersien al die risiko's buite die verdraagsaamheidsvlakke vir verdere optrede/aandag;
- Die omvangrykheid en doeltreffendheid om risikobestuur deel te maak van die Departement se aktiwiteite, beoordeel;
- Die Bedrog- en korrupsievoorkomingsplan en gepaardgaande Instellingsplan nagegaan en aanbeveel vir goedkeuring deur die Rekenpligtige Beampte;
- Die inwerkingstelling van die Departementele Bedrog- en korrupsievoorkomingsplan beoordeel; en
- Toesig gehou oor etiekbestuur en risiko's.

C 2.4 Belangrike risiko's oorweeg en aangespreek tydens die jaar

Die volgende belangrike Departementele strategiese risiko's is op 'n kwartaallikse basis hersien, wat bestaande versagende omstandighede ingesluit het:

- Die onvermoë om voldoende nedersettings / huisvesting vir uitgebreide verstedeliking te voorsien as gevolg van talle sosiale, ekonomiese en politieke faktore, insluitende verhuising na die Provinsie. Die Verbeterde Informele Nedersettingsprogram bied 'n raamwerk om hierdie risiko te bestuur.
- Hierby aansluitend is die bevokingsgroei en gevolglike gebrek aan grootmaatsdienste. Die Ondersteuningsplan vir Informele Nedersettings en verskillende toelaes bied hiervoor 'n oplossing.
- Die risiko van grondoorname en vandalisme het by verskillende geleenthede gedurende die verslagjaar kop uitgesteek en so lank as die vereiste aantal wooneenhede nie voorsien kan word nie, sal dit 'n risiko bly.

'n Verslag van die risiko's van elke program word tydens die kwartaallikse ORBKO-vergaderings gelewer en bespreek. Programbestuurders moet terugvoering gee oor die vordering van aksieplanne om maandelikse risiko's te verlaag en/of om die uitwerking daarvan, sou daar enige wees, te verminder. Geleenthede (vergroete risiko's) word ook bespreek. Die ORBKO het ook risiko's wat meer in-diepte nagevors moet word, terugverwys en bykomende versagtings of aksies om dit te bestuur, aanbeveel.

Die Gemeenskaplike Ouditkomitee het onafhanklik toesig oor die Departement se risikobestuurstelsel gehou. Kwartaallikse ORB-vorderingsverslae en risikoregisters is aan die Ouditkomitee voorsien om hul onafhanklike toesigrol uit te voer.

2.5 Belangrikste risiko's vir die volgende finansiële jaar

Die belangrikste risiko wat die Departement, beide intern en ekstern, in die volgende boekjaar sal moet oorweeg, is die COVID-19-pandemie. Die Departement sal enersyds moet beplan hoe om sy aktiwiteite tydens die pandemie te hervat en dan daarmee voort te gaan en hoe om ná die pandemie, die negatiewe uitwerking daarvan op menslike nedersettings in die provinsie te hanteer.

2.6 Gevolgtrekking

Die Departement het kwartaalliks die nodige leiding en hulp van die ORB-komitee ontvang om in ooreenstemming met die Ouditkomitee se voldoeningsvereistes te bly. Die Interne Beheer vervul 'n koördinerings- / sekretariaatrol tussen die ORB, Ouditkomitee en die Departement.

3. BEDROG EN KORRUPTIE

Bedrog en korrupsie verteenwoordig beduidende potensiële risiko's vir die bates van die Departement en kan 'n negatiewe impak op die doeltreffendheid van dienslewering en die reputasie van die Departement inhou.

Die Wes-Kaapse Regering (WKR) het 'n anti-bedrog en korrupsie-strategie aanvaar, wat die WP se zero-toleransie oor bedrog, diefstal en korrupsie bevestig. In lyn met hierdie strategie, is die Departement verbind tot 'n nul-toleransie ten opsigte van korrupte, bedrieglike of enige ander kriminele aktiwiteite, hetsy intern of ekstern, kragdadig alle kriminele aktiwiteite nastreef en vervolg deur alle beskikbare wettige middele, asook alle partye wat betrokke is by sulke praktyke of pogings aanwend om dit te doen. Die Departement het 'n goedgekeurde Bedrog en Korrupsie Voorkomings- en Responsplan asook 'n Bedrogvoorkomings-implementeringsplan, wat uitvoering gee aan die Voorkomingsplan.

Die Departement het 'n goedgekeurde plan vir die voorkoming van bedrog en korrupsie en 'n gepaardgaande Implementeringsplan wat uitvoering gee aan die Voorkomingsplan.

Verskeie kanale bestaan waar bewerings van bedrog, diefstal en korrupsie aangemeld kan word, en dit word breedvoerig beskryf in die Provinsiale Strategie vir die Bestryding van Bedrog en Korrupsie, die WKR-beleid vir fluitjieblasers en die Departementele Bedrog- en Korrupsievoorkomingsplan. Elke bewering wat deur die Provinsiale Forensiese Dienste-eenheid (DvdP) ontvang word, word aangeteken in 'n Saakbestuurstelsel wat as 'n bestuursinstrument gebruik word om verslag te doen oor vordering van sake wat verband hou met die Departement, en om statistiek vir die WKR en die Departement saam te stel.

Werknemers en werkers wat die fluitjie blaas oor verdenkings van bedrog, korrupsie en diefstal, word beskerm indien die openbaarmaking 'n beskermde openbaarmaking is (d.w.s. voldoen aan die wettige vereistes van die Wet op die Beskermde Openbaarmaking, Wet nr. 26 van 2 000, bv. indien die openbaarmaking in goeder trou gedoen is). Werknemers en werkers kan, volgens die riglyne van die WKR-fluitjie-blaasbeleid, hul kommer uitspreek teenoor toepaslike lynbestuur of spesifieke aangewese persone in die WKR of eksterne instellings indien hulle redelike gronde het om te glo dat oortredings of onbehoorlikhede gepleeg is. Enige persoon wat bedrog, diefstal en korrupsie wil aanmeld het die geleentheid om anoniem te bly en indien hulle dit persoonlik doen, word hul identiteit beskerm deur die persoon aan wie hulle verslag doen.

As bedrog, diefstal of korrupsie na 'n ondersoek bevestig word, word die werknemer wat aan sulke dade deelgeneem het, aan 'n tugverhoor onderwerp. Die WKR-verteenwoordiger wat die tugprosedure begin het, moet die betrokke werknemer ontslaan. Indien prima facie-getuienis van kriminele optrede vasgestel word, word 'n strafsak by die Suid-Afrikaanse Polisie diens ahangig gemaak.

Bestuur

Die DvdP het vir die verslagjaar 'n Saakbewegingsertifikaat met die volgende inligting vir die Departement uitgereik:

Sake	Aantal sake
Oop gevalle soos op 1 April 2019	3
Nuwe gevalle (2019/20)	1
Geslote gevalle (2019/20)	(3)
Oop gevalle soos op 31 Maart 2020	1

Meer inligting word in die volgende tabel oor die afgehandelde sake hierbo aangedui::

Aard en uitkomst van drie voltooide saakondersoeke
Bewerings is in die volgende twee gevalle gestaaf: <ul style="list-style-type: none">• 1 saak van bedrog (die saak is by die SAPS aangemeld); en• 1 geval van nie-nakoming.
In 1 geval is die ondersoek met geen nadelige bevindings afgehandel.

4. KONFLIK VAN BELANGE

Die Departement het gedurende die verslagjaar kwartaallikse Persal-verslae ontvang, wat teenoor die Wes-Kaapse Verskaffersdatabasis (WKVD) bevestig is en daarop gemik is om enige amptenare van die WKR wat finansiële belang in maatskappye het, in die databasis van die goedgekeurde verskaffers uit te wys. Indien enige departementele amptenare het sakebelange het met verskaffers op die WCSD, is die Departement verplig om die saak te ondersoek. Die Departement vereis ook dat alle lede van die Senior Bestuursdienste (SMS) 'n finansiële openbaarmakingsverklaring voltooi. In hierdie verband het die Departement ten volle aan al die wetlike voorskrifte, vir die finansiële jaar 2018/19 voldoen. Die Departement het ook verseker dat alle Voorsieningsketteringbestuur beamptes en alle ander amptenare wat 'n finansiële belang in enige besigheid kan hê, om dit dienooreenkomstig op 'n jaarlikse grondslag te openbaar. Van die lede van die Departement se Bodevalueringskomitee (BEK) en die Bodbeoordelingskomitee (BBK) sowel as die Konstruksie Verkrygingskomitee (KVK), word verwag om 'n verklaring van belang te onderteken voor die aanvang van elke vergadering om Tenders te evalueer en te beoordeel. Sou 'n botsing van belange ontstaan, word van daardie lede verwag om hulself te verskoon in hierdie verband.

5. GEDRAGSKODE

Die Departement het die Verklarende Handleiding oor die Gedragskode vir die Staatsdiens as 'n basis vir bewusmaking aan alle werknemers versprei. Dit word as deel van die inleidingsproses aan alle nuwe aanstellings gegee en bespreek. Die verspreiding van die Gedragskode behandel werknemers se gedrag in die werkplek en dra by tot die Departement se strewende om die hoogste etiese standaarde te handhaaf, om voorvalle van korrupsie uit te skakel en om goeie bestuur te bevorder.

Dit is bekend dat die primêre doel van die gedragskode positief is, naamlik om voorbeeldige gedrag te bevorder. Nieteenstaande hierdie, sal 'n werknemer aan wangedrag skuldig wees en kan aan moontlike dissiplinêre optrede onderwerp word indien hy of sy 'n bepaling van die gedragskode oortree.

6. GESONDHEIDS-, VEILIGHEIDS- EN OMGEWINGSKWESSIES

Die Departement het die volgende gedurende die verslagjaar bereik:

Bewusmaking, inleiding- en opleidingsessies

- Drie (3) OGV-inleidingsessies is vir interns sowel as vir nuwe aanstellings gehou;
- 'n Bewusmakingsessie met plakkaat vir Internasionale Handewasdag is aangebied en seep is aan alle personeellede uitgereik; en
- Noodhulp-opleiding is aan elf (11) departementele OGV-verteenwoordigers gegee.
- Komiteevergaderings
- Vier (4) kwartaallikse OGV-komitee vergaderings en een (1) adhoc- komiteevergadering is gehou; en
- Tien (10) vergaderings oor instandhouding is met die DOWV gehou om uitstaande klagtes en DMN-projekte te bespreek.

Ontruimingsoefeninge

- Ontruimingsbewusmakingsessies vir personeel is in beide Waalstraat 27 en by Georgekantoor aangebied;
- 'n Spontane ontruimingsoefening is by die Goodwoodkantoor aangebied;
- 'n Ontruimingsbeplanningsvergadering is vir Waalstraat 27 aangebied;
- 'n Ontruimingsoefening is by die York Parkgebou in George aangebied; en
- Waalstraat 27, York Parkgebou, Alfredstraat en die Goodwoodkantoor is gefumigeer.

Beleide

- Hersien die OGV-beleid en die riglyne vir die OGV-komitee; en
- Die Rookbeleid is aangepas.

Standaard Bedryfsprosedures

Voltooide SBP's vir:

- Noodhulpkamer;
- Rolstoelbedryf;
- Afvalversameling;
- Skoonmaak- en teedienste;
- Vasgevang in hyser; en
- Stortgeriewe wat riglyne insluit.

Besigheidskontinuiteitsplanne (BKP)

- Die Departementele kontinuiteitsplan (BKP) is nagegaan;
- Die BKP se IKT-instandhouding en toetsing van die Aanlynwerkboek is voltooi;
- Goedkeuring vir noodbeplanning vir Waalstraat 27, en die Goodwood- en Georgekantore is bemiddel; en
- 'n Konsepplan vir besigheidskontinuiteit is vir kragonderbreking opgestel.

Verslae

- Verslae oor 'n Stelselmonitorsinstrument (SMI), 'n Geïntegreerde Verslagdoeningsinstrument (GVI) en 'n Wettige Nakomingsinstrument (WNI) is aan Werknemergesondheid en Welstand (WGW) ingedien;
- Kwartaallikse OGV-verslae is aan die HVD en die ORBKO voorgelê ;
- Maandelikse statistieke met vasgestelde teikens vir water- en elektrisiteitsverbruik vir Departementele geboue is aan personeel verskaf; en
- Twaalf verslae rakende klagtes en voorvalle van die OGV is opgestel en aan die bestuur voorgelê met relevante aanbevelings om tekortkominge reg te stel.

Toetse

- 'n Toets is op die hoofkragopwekker uitgevoer; en
- Alle Departementele brandblussers (CO₂ en waterpype) is gediens.

7. PORTEFEULJESKOMITEES

Die Departement het vyf (5) vergaderings van die Staande Komitee gedurende die verslagjaar bygewoon. Vergaderings is kwartaallikse of volgens die diskresie van die Staande Komitee gehou.

Die tabel hieronder gee 'n uiteensetting van die datums waarop die vergaderings is:

Staande Komitee	Datum
Staande Komitee oor Menslike Nedersettings	31 Julie 2019
Staande Komitee oor Menslike Nedersettings	25 Oktober 2019
Staande Komitee oor Openbare Rekeninge	25 Oktober 2019
Staande Komitee oor Menslike Nedersettings	27 November 2019
Staande Komitee oor Menslike Nedersettings	12 Maart 2020

Die onderstaande tabel dui die versoeke aan wat voortspruit uit die vergaderings en die antwoorde van die Departement in hierdie verband:

Resolusie Nr.	Onderwerp	Besonderhede	Reaksie deur die Departement	Opgelos (Ja / Nee)
11/4/1/2/6	Voorligting deur die Departement van Menslike Nedersettings	Die proses wat aanleiding gee tot die lang- en kortlys en tot die afhandeling van die onderhoude om die vakatures in die Wes-Kaapse Tribunaal vir Huurbehuising te vul.	Alle inligting is op 30 Julie 2019 ingedien.	Ja
11/4/1/2/6	Voorligting deur die Departement van Menslike Nedersettings	<ol style="list-style-type: none"> Eerste Kwartaallikse Prestasieverslag vir April 2019-Junie 2019; Vernuwings wat strook met die provinsiale beleid; en Uitdagings om nuwe programme volgens die Departement se Strategiese plan in te stel. 	Alle inligting is op 10 September 2019 ingedien.	Ja
11/4/1/2/6	Voorligting deur die Departement van Menslike Nedersettings	<ol style="list-style-type: none"> Bespreking van Begrotingspos 8: Menslike Nedersettings in die Bylae tot die Gewysigde Toekennings Wetsontwerp van die Wes-Kaap, 2019; en Oorweging en aanvaarding van die Konsepkomiteeverslag van Begrotingspos 8: Menslike Nedersettings in die Bylae tot die Gewysigde Toekennings Wetsontwerp van die Wes-Kaap, 2019. 	Geen ekstra inligting is deur die komitee benodig nie.	Ja

Resolusie Nr.	Onderwerp	Besonderhede	Reaksie deur die Departement	Opgelos (Ja / Nee)
11/4/1/2/6	Groep B-terrein besoek in Beaufortwes S1-behuisingsprojek	Projeknaam: Beaufortwes S1-behuisingsprogram: GROP Grootte van projek: 798 topstrukture Vordering tot op hede: 776 topstrukture is in Desember 2019 voltooi (dit sluit 12 Militêre Veterane in).	Alle inligting is op 30 Januarie 2020 ingedien.	Ja
11/4/1/2/6	Voorligting deur die Departement van Menslike Nedersettings	1. Wes-Kaapse Behuisingsontwikkelingsfonds en die Wes-Kaapse Behuisingstribunaal; en 2. Inligting deur die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika en die Ouditkomitee oor die oudituitkomst van 2018/19 Jaarverslae en enteite.	Alle inligting is op 10 Februarie 2020 ingedien.	Ja
11/4/1/2/6	Voorligting deur die Departement van Menslike Nedersettings	Gewysigde Toekennings Begrotingswetsontwerp van die Wes-Kaap, 2019.	Alle inligting is op 10 Februarie 2020 ingedien.	Ja
11/4/1/2/6	Voorligting deur die Departement van Menslike Nedersettings	1. Stand van die BAP-behuising vanaf 2014-2020; 2. Stand van die Huur om te koop-model vir die instelling van die BAP-behuisingsprogram; en 3. Die uitdagings en suksesse van die instelling van die BAP-behuisingsprogram.	Alle inligting is op 11 Februarie 2020 ingedien.	Ja
11/4/1/2/6	Voorligting deur die Departement van Menslike Nedersettings	1. Aangepasde Wysigingswetsontwerp; en 2. Die Wysigingswetsontwerp.	Geen ekstra inligting is deur die komitee nodig nie.	Ja

8. SCOPA-BESLUITE

Die Komitee het kennis geneem van die Ouditeur-generaal se auditmening rakende die finansiële jaarstate van die Departement vir die 2018/19 boekjaar, nadat 'n skoon auditverslag met geen bevindings verkry is. Hierdie auditmening bly dieselfde as die audituitslag vir die 2017/18 boekjaar, waar die Departement 'n skoon verslag behaal het.

8.1 Ouditmening

Die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika het geen bevindinge rakende die nakoming van wette en regulasies, voorafbepaalde doelstellings of tekortkominge in sy interne beheermaatreëls met die Departement gehad nie.

8.2 Finansiële bestuur

Die Departement van Menslike Nedersettings het R2 352 biljoen van 'n begroting van R2 441 biljoen bestee, in totaal 'n onderbesteding van R88 950 miljoen (3,6%).

Aansluitend hierby is 'n oorinvordering van R195 556 miljoen wat 'n departementele inkomste van R255 556 miljoen teenoor 'n begrote R60 000 miljoen tot gevolg gehad het. Hierdie oorinvordering was onder die volgende lynitems:

- Verkoop van goedere en dienste buiten kapitale bates (R93 000);
- Rente, dividende en huur op grond (R688 000);
- Verkoop van die Departementele kapitaalbate (R7 000); en
- Transaksies van laste van finansiële bates (R194 768 miljoen).

Die Komitee het opgemerk dat die algehele onderbesteding in die Departement in die volgende programme plaasgevind het:

Program 1: Administrasie (R1 191 miljoen):

Die onderbesteding aan "Masjinerie en toerusting" was as gevolg van 'n vertraging om kantoorakkommodasie te moderniseer, en die onderbesteding aan "goedere en dienste" as gevolg van kostebeperkingsmaatreëls.

Program 3: Behuisingsontwikkeling (R87 759 miljoen):

Die onderbesteding aan "Vergoeding van werknemers" van R3 986 miljoen was as gevolg van aftredes en vakante senior bestuursposte wat nie gevul is nie. Die nie-besteding van die "Provinsiale noodbehuisingsstoelaag" van R83 773 miljoen was te wyte aan die feit dat dit eers op 12 Maart 2019 bewillig is, wat tot die vertraging in die afhandeling van die tenderprosesse gelei het.

8.3 Resolusies

Geen.

8.4 Lys van inligting wat vereis word

Die Departement het die Staande Komitee oor Menslike Nedersettings van die volgende inligting voorsien:

Lys van inligting wat vereis word	Kommentaar
Onbetekenisvolle swakhede van interne beheer soos toelaebestuur en konstruksieverkryging, insluitend die meganismes wat ontwikkel is vir versekeringsdekking oor hierdie aangeleenthede soos uitgewys deur die Ouditkomitee is op bladsye 4 tot 7 in 'n verslag van die Ouditkomitee se inligtingsdokument vervat.	Inligting is op 29 Januarie 2020 aan die komitee voorgelê.
'n Verslag oor die "Belangrike opkomende risiko's" wat vir die 2018/19 boekjaar toegewys is, wat verband hou met onuitvoerbare mandate, soos op bladsy 100 van die 2018/19 Jaarverslag aangedui.	Inligting is op 29 Januarie 2020 aan die komitee voorgelê.
'n Verslag oor sake geopen en gesluit deur Provinsiale Forensiese Dienste, soos aangedui op bladsy 101 van die Jaarverslag (2018/19).	Inligting is op 29 Januarie 2020 aan die komitee voorgelê.
'n Afskrif van die wetgewing wat die betaling van uittree-gratifikasies aan provinsiale ministers toelaat, soos aangedui op bladsy 205 van die Jaarverslag (2018/19).	Inligting is op 29 Januarie 2020 aan die komitee voorgelê.
'n Verslag oor die Hawston Sea Farms-stigtingsaak teen die Premier en Minister van die Departement van Menslike Nedersettings, wat tans in die finale stadium van skikkingsonderhandelinge is.	Inligting is op 29 Januarie 2020 aan die komitee voorgelê.

9. VOORAF-WYSIGINGS AAN OUDITVERSLAE

Geen aangeleenthede het daartoe gelei dat hierdie Departement 'n voorwaardelike kwalifikasie, vrywaring, negatiewe opinie of nie-nakoming van aangeleenthede kry nie. Die Departement het 'n onvoorwaardelike skoon finansiële ouditverslag ontvang vir 2013/14, 2014/15, 2015/16, 2017/18, 2018/19 asook vir die tydperk onder oorsig, 2019/20.

10. INTERNE BEHEER-EENHEID

Die subdirekoraat: Interne Beheer het tydens die ouditprosesse gedurende die verslagjaar 'n waardevolle rol vervul as skakel tussen die ouditeure (ekstern en intern) en die Departement. Ten opsigte van die eksterne ouditproses (tydperk Februarie-September 2020) is alle dokumentasie soos versoek (d.w.s. versoeke om inligting, kommunikasie van ouditbevindinge, departementele reaksies en verwante aangeleenthede, ens.) gekoördineer en deur hierdie eenheid goedgekeur – dit ten spyte van die uitdagings ondervind tydens die Covid-19 pandemie.

'n Paneel is in die subdirekoraat Interne Beheer gestig onder leiding van die Direkteur: Finansiële Bestuur, met die doel om gereeld alle ouditverwante aangeleenthede en risiko's tydens die ouditproses aan te spreek/te hersien. Hierdie inisiatiewe het bygedra tot 'n gladde en byna probleemvrye ouditproses met die doel om 'n positiewe oudituitkoms te hê wat gelei het tot 'n finansiële ouditmening vir 2013/14, 2014/15, 2015/16, 2017/18 en 2018/19. Die Departement het, te midde van die uitdagings wat tydens die inperkingsperiode met die Covid-19 ervaar is, weereens 'n ongekwalifiseerde skoon finansiële ouditverslag vir die oorsigtydperk 2019/20 ontvang.

Ten opsigte van die interne ouditproses vir die oorsigtydperk het die eenheid weereens hulp verleen deur aanbevelings wat voortspruit uit die interne oudits op te volg aangesien Interne Oudit nie die vermoë het om dit te doen nie. Interne betrokkenheid (IB) by vergaderings ten opsigte van die ouditbeplanning en bevindings is soos volg:

- IC is betrokke by die beplanningsfase van die oudit om vertrouwd met die omvang van die oudit;
- IC maak hulself gedurende die uitgangsvergaderings vertrouwd met die besonderhede van die ouditbevindings;
- IC neem kennis van die lynfunksie se kommentaar oor aanbevelings, aksieplanne en ooreengekome sperdatums; en
- IB doen dit self met die hulp van die verantwoordelike amptenare/eenheid wat verantwoordelik sal wees vir die instelling van die ooreengekome aksieplanne. Senior personeel van die eenheid dien ook op die Departementele Bestuurskomitee vir Interne Oudit wat maandeliks vergader om die uitkomst en vordering volgens die Interne Ouditplan te bespreek. Dit sluit oudituitkomst ten opsigte van gefinaliseerde oudits en vordering met betrekking tot vorige aanbevelings/aksieplanne in.

Die sub-direkoraat speel ook 'n belangrike rol in die koördinering van al die aanbevelings wat voortspruit uit die ondersoeke deur die Provinsiale Forensiese Dienste (PFS). Alle dokumentasie wat ten opsigte van ondersoeke nodig was, was betyds aan die PFS voorsien as en wanneer dit versoek was. Die eenheid is verantwoordelik om die implementering van alle aanbevelings te verseker en die opvolg van alle uitstaande antwoorde ten opsigte van aanbevelings van gefinaliseerde ondersoeke vir verslagdoeningsdoeleindes. Gedurende die tydperk onder oorsig, is alle aanbevelings teen 31 Maart 2020 geïmplementeer.

Op die nakomingskant het hierdie eenheid 'n 100% post-kontrole op alle betalings gemaak deur die Departement ten einde nie-nakoming met betrekking tot toepaslike wetgewing te vermy, en om korrektheid en waarde vir geld te verseker. Interne beheer verseker ook dat alle betalings binne die voorgeskrewe 30 dae betaal word, deur die vloei van fakture te koördineer wat ontvang word van verskaffers aan die Departement (verskillende direktorate) tot die verwerking daarvan maandeliks. Om die proses verder te versterk, het die Departement 'n standaard werkproses (SOP) in November 2017 ontwikkel en geïmplementeer, wat spesifiek hou by die nakoming van omkeertye by die verskillende direktorate, om te verseker dat fakture binne die

voorgeskrewe 30 dae betaal word. Die eenheid is ook verantwoordelik vir verslagdoening aan die Provinsiale Tesourie op 'n maandelikse basis met betrekking tot die 30 dae nakoming in terme van NTR se 8.2.3. Dit dien gemeld te word dat die Departement in die oorsigtydperk 'n suksessyfer van 99,4% behaal het vir fakture wat binne die voorgeskrewe 30 dae betaal is.

Ingevolge artikel 38 (1) (j) van die WOFB het die Interne Beheereenheid amptelike inspeksies gedoen by die volgende elf (11) plaaslike munisipaliteite in die Wes-Kaap om vas te stel of die toegewese fondse gedurende die 2019/20 finansiële jaar vir hul bepaalde doelwitte aangewend is.

- Oudtshoorn;
- Witzenberg;
- Theewaterskloof;
- Breedevallei;
- Saldanha;
- Stellenbosch;
- Swartland;
- Sederberg;
- Knysna;
- Bitou; en
- George.

In 'n Interne Ouditverslag gedurende die vorige boekjaar is kommer uitgespreek dat die toekenning van fondse aan munisipaliteite nie behoorlik gemonitor en beheer word nie. Dit was duidelik waarneembaar in die gebrek aan maandelikse verslagdoening en maandelikse rekonsiliasie. Die korrektheid van die saldo's is dus ook bevraagteken weens hierdie nie-nakoming. Die Departement het onderneem om aandag aan hierdie tekortkominge te gee deur spesifieke problematiese munisipaliteite te besoek. Die volgende munisipaliteite is vervolgens gedurende die oorsigtydperk deur die Direkteur: Finansies en amptenare van die IB-eenheid besoek om die uitstaande saldo's te ondersoek en reg te stel.

- Oudtshoorn;
- Theewaterskloof;
- Witzenberg;
- Saldanhabaai;
- Sederberg; en
- Breedevallei.

Die Departement was ook van plan om die volgende munisipaliteite te besoek om die korrekte balans van oordragte na munisipaliteite te ondersoek, maar weens die inperkingsperiode met die Covid-19, kon die besoeke nie plaasvind nie:

- Mosselbaai;
- George;
- Knysna; en
- Bitou .

Gedurende die verslagjaar was die eenheid ook verantwoordelik vir die koördinerende en verslagdoening van die CGROGAP van die Departement aan die Provinsiale Tesourie (PT) en die Ouditkomitee, wat toegesien het dat alle vorige bevindinge van die OG ondersoek word en herhalings van probleme voorkom word. Fisiese bevestigings (kantoorbesoeke) is gereeld gedoen om te verseker dat die beheermaatreëls, soos vervat in die BAP-aksieplanne ten opsigte van vorige jaar se ouditbevindinge, ingestel is. Gereelde kwartaallike verslagdoening aan die Ouditkomitee bevestig dat die Departement se implementeringsplan van ouditnavrae van die vorige jaar, toepaslik was, en dat die probleme bevredigend opgelos is. Die bestuursverslag van die OG ondersteun ook hierdie siening. Die ouditverslag bevestig ook dat die rekenpligtige beampte toesig gehou het, wat ook die metodes wat ontwerp is om aandag te gee aan die bevindinge van vorige jaar insluit het en wat steeds voortgaan om stabiliteit oor beheer deur die departement te verbeter.

Interne beheer was ook verantwoordelik vir die koördinerings van die SKOOR-resolusies en voorleggings aan SKOOR gedurende die jaar onder oorsig. Verslagdoening oor al die bogenoemde kwessies is betyds gedoen aan die verskillende aandeelhouders/rolspelers/rolspelers (bv. LUR, UK, SKOOR, Ouditkomitee, PT, PSC & PFS).

11. INTERNE OUDIT EN OUDITKOMITEES

Interne Oudit bied bestuur met onafhanklike, objektiewe versekering en raadgevende dienste wat ontwerp is om waarde toe te voeg en om voortdurend te verbeter op die bedrywighede van die Departement. Dit moet die Departement help om sy doelwitte te bereik deur 'n sistematiese, gedissiplineerde benadering te bring om (kan evalueer en verbeter) die doeltreffendheid van bestuur, risikobestuur en beheerprosesse te kan evalueer en te verbeter.

Die volgende belangrike sleutelaktiwiteite is uitgevoer in hierdie verband:

- Evalueer en maak gepaste aanbevelings vir die verbetering van die bestuursprosesse in die bereiking van die doelwitte van die departement;
- Evalueer die geskiktheid en effektiwiteit en dra by tot die verbetering van die risiko bestuursproses;
- Help die rekenpligtige beampte in die handhawing van doeltreffende en effektiewe beheer deur die evaluering van hierdie kontrole aan hul effektiwiteit en doeltreffendheid, en deur die ontwikkeling van aanbevelings vir verbetering of versterking.

Die Interne oudit van die Departement wat gedurende die verslagjaar voltooi is, het vyf versekeringsopdragte ingesluit. Besonderhede van hierdie opdragte is in die verslag van die Ouditkomitee vervat.

Die Ouditkomitee is gestig as 'n toesighoudende liggaam, wat onafhanklike toesig verskaf oor bestuur, risikobestuur en beheerprosesse in die Departement, wat toesig en hersiening van die volgende insluit:

- Interne ouditfunksie;
- Eksterne ouditfunksie (Ouditeur-generaal van Suid-Afrika - AGSA);
- Departementele Boekhouding en Verslagdoening;
- Departementele rekeningkundige beleid;
- AGSA bestuur en ouditverslag;
- Departementele In die Jaar Monitoring;
- Departementele Risikobestuur;
- Interne Beheer;
- Voorafbepaalde doelwitte; en
- Etiek en Forensiese Ondersoeke.

Die tabel hieronder openbaar relevante inligting oor die lede van die Ouditkomitee:

Lede	Kwalifikasies	Intern of ekstern	Indien intern, dien in die departement	Datum aangestel	Datum Bedank	Aantal vergaderings bygewoon
Mr Ameen Amod	MBA; CIA; CGAP; CRMA; B Com Rekeningkunde	Ekstern	N/A	01 Januarie 2019 (2de kwartaal)	Nvt	7
Mr Ebrahim Abrahams	B Com Rekeningkunde	Ekstern	N/A	01 Januarie 2019 (1ste kwartaal)	Nvt	7
Mr Pieter Strauss	B Acc; B Compt Hons; CA (SA)	Ekstern	N/A	01 Januarie 2019 (1ste kwartaal)	Nvt	7
Ms Annelise Cilliers	B Compt Hons; CA (SA)	Ekstern	N/A	01 Januarie 2019 (1ste kwartaal)	Nvt	7

12. OUDITKOMITEEVERSLAG

Ons is bly om ons verslag vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2020 aan te bied.

Ouditkomitee se verantwoordelikheid

Die Ouditkomitee rapporteer dat dit voldoen het aan sy verantwoordelikhede wat spruit uit Artikel 38 (1) (a) (ii) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en Tesourieregulasie 3.1. Die Ouditkomitee rapporteer ook dat dit gepaste formele verwysingsterme as sy Ouditkomiteehandves aangeneem het, sy sake in ooreenstemming met hierdie handves geregleer het en al sy verantwoordelikhede soos daarin vervat nagekom het.

Die Doeltreffendheid van Interne Beheer

In ooreenstemming met die WOFB en Tesourieregulasies, voorsien Interne Oudit die Ouditkomitee en Bestuur met 'n redelike gerusstelling dat die interne beheermaatreëls voldoende en effektief is. Dit word bereik deur 'n goedgekeurde risikogebaseerde interne ouditplan, Interne Oudit wat die toereikendheid van kontrole wat die risiko's versag, beoordeel, en Ouditkomitee wat die implementering van regstellende stappe moniteer.

Die volgende interne oudit opdragte is deur die Ouditkomitee goedgekeur en deur Interne Oudit gedurende die jaar onder oorsig voltooi.

Versekeringsopdragte:

- Delegasies Raamwerk
- Interne Beheereenheid
- Behuisingssubsiestelsel
- Administrasie van Aktes
- Bestuur van Toelae-uitgawes

Bestuur het ooreengekom op die terreine vir verbetering, soos deur Interne Oudit aangedui is. Die instelling van die ooreengekome aksies word kwartaalliks deur die Ouditkomitee gemonitor.

